

Macbeth

DEUR

WILLIAM SHAKESPEARE

Vertaal deur

L. I. COERTZE

Tekeninge

NERINE DESMOND

Drukkers

STEWART

Uitgewers



Stewart Drukkers Maatskappy (Eiens.) Bpk.,
Alfredstraat, Kaapstad.

1948

TEKENINGE

MACBETH: Trap vas,
 Macduff, en laat die een verdoem wees wat
 die eerste sê, „Wag, wag, genoeg.” - Titelsplaat

*Teenoor
 bladsy*

MACBETH: Dis klaar. Het jy nie iets gehoor nie?

LADY MACBETH: Ek het 'n uil hoor huil . . . - - 16

TWEEDE HEKS: Die trekkings aan my duim sê my
 Daar kom iets kwaads hier heel dig by.

Slot skuif op vir hom wat klop. - - - 48

MACBETH: Ek het die hoefslag van 'n perd gehoor.

● Wie was dit wat gekom het? - - - 64

LADY MACBETH: Al die mirre van Arabië kan nie
 die geur van hierdie klein ou handjie ooit
 herstel nie. - - - - - 80

MACBETH: ons vergange dae lig

die dwase voor op weg na stof. - - - 96



verme Desmond

MACBETH:

..... Trap vas,

Macduff, en laat die een verdoem wees wat
die eerste sê: „Wag, wag, genoeg.”

DRAMATIS PERSONAE.

DUNCAN: koning van Skotland.

MALCOLM,
DONALBAIN, } sy twee seuns.

MACBETH,
BANQUO, } twee generaals in die koning se leër.

MACDUFF,
LENNOX,
ROSS,
MENTEITH,
ANGUS,
CAITHNESS, } Skotse edelliede.

FLEANCE, seun van Banquo.

SIWARD SNR., graaf van Northumberland.

SIWARD JNR., seun van Siward Snr.

SEYTON, 'n adjudant van Macbeth.

SEUN, 'n kind van Macduff.

'n Engelse Dokter.

'n Skotse Dokter.

'n Deurwagter.

Lady Macbeth.

Lady Macduff.

Hofdame van Lady Macbeth.

Hekate.

Drie Hekse.

Edelliede, Offisiere, Soldate, drie Moordenaars, Beamptes,
Boodskappers.

Plek: Skotland en Engeland.

Tyd: Tussen 1042 en 1066 A.D.



VOORWOORD

Vertaal uit liefde vir Afrikaans en uit bewondering vir die groot man, William Shakespeare; uitgegee vir die opregtes van hart en vir die eenvoudiges.



MACBETH

EERSTE BEDRYF

EERSTE TONEEL

'n Verlate plek. Donderweer en bliksemstrale.

(Drie hekse kom binne.)

EERSTE HEKS: Wanneer kom ons drie nogmaals byeen,
In donder, bliksem of in reën?

TWEEDE HEKS: Sodra die harlaboerla oor is,
As die slag gewen en ook verloor is.

DERDE HEKS: Dis voor die son se ondergang.

EERSTE HEKS: Watter plek?

TWEEDE HEKS: Daar op die kaalte.

DERDE HEKS: Om Macbeth daar te kry.

EERSTE HEKS: Ek kom Ou Groue.

TWEEDE HEKS: Padda roep. *(Spreek uit parra.)*

DERDE HEKS: Netnou.

ALMAL: Guur is mooi en mooi is guur
Sweef deur vuile lug in motreën-uur.

[Excunt.]

TONEEL II.

'n Militêre pos naby Forres. Alarm binne.

(DUNCAN, MALCOLM, DONALBAIN en LENNOX kom binne met gevolg. Hulle kom 'n gewonde adjudant teen.)

DUNCAN: En watter bloedbevlekte man is dit?
Te oordeel na sy uiterlik kan hy
die jongste nuus oor die rebellie ons
vertel.

MALCOLM: Dit is die adjudant. Dis hy
bekwaam en dapper soos hy is wat my
gered het van gevangenskap. Gegroet
my dapper vriend! Vertel die koning wat
jy weet van die geveg soos jy dit pas
verlaat het.

ADJUDANT: In 'n weegskaal was dit; soos
twee uitgeputte swemmers wat mekaar
beklou en hulle kuns verwurg. Daar was
genadelose Macdonwald—geskik
om 'n rebel te wees, want die natuur
se bose aantel swerm in hom—met
soldate, lig en swaar gewapend, uit
die eiland in die Weste, en daarby
het die Geluksgodin, soos 'n rebel
se bose bysit sy gedoemde saak
begunstig; maar dit alles was verniet.
Geluksgodin veragtend het Macbeth,
die moedige,—gewis verdien hy so
'n naam—met opgehewe swaard wat deur
die woeste slagting druipnat dampend was,
die ene bloed, vir hom (soos kranigheid
se gunstelling) 'n pad gekerf tot voor
die slaaf se aangesig wat nóg sy hand

gegee het, nóg vaarwel gesê is eer
 sy kopnaat tot sy kakebene oop
 getorring is en hy die kop bo op
 ons skanse aangeheg het.

DUNCAN: O! 'n man
 van eer, my onverskrokke neef!

ADJUDANT: Maar net
 soos skipbreukbrengende gestormte
 en woeste donderweer kan losbreek waar
 die son se lig beginne skyn, so gee
 die bron wat oënskynlik moes vertroos,
 'n golf van wanhoop. Hoor nou koning van
 die Skotte, luister hierna: kwalik het
 geregtigheid met moed gewapend iedere
 bokspringende en liggewapende
 soldaat gedwing om voete in die wind
 te slaan, of, die Noorse vors wat dag dis nou
 sy kans, het opgepoetste wapentuig
 en nuwe troepe in die veld gestoot
 en tot die aanval oorgegaan.

DUNCAN: En het
 dit ons krygowerstes, Macbeth en Banquo, nie
 onthuts nie?

ADJUDANT: Ja, soos mossies arende,
 of soos 'n haas 'n leeu; as ek nou hier
 die waarheid moet getuig: soos grofgeskut
 oorlaai met dubb'le skroot, so was die twee;
 hul dubb'le slae op die vyand het
 hul nog verdubbel. Of hul nou wou bad
 in wonde-walm of 'n Golgotha
 nogmaals aan die geskiedenis wou skenk,
 dit weet ek nie—maar ek word flou;
 my snye roep om hulp.

DUNCAN: Jou wonde en
 jou woorde staan jou ewe goed. Vol eer

is albei. Gaan en bring 'n dokter. [*Exit* ADJUDANT *met*
bystand.

Wie

kom daar?

MALCOLM: Dit is die agtenswaardige
baron van Ross.

LENNOX: Sy oë staan so wild.

Hy lyk soos een wat vreemde tydings bring.

ROSS: God bewaar die koning!

DUNCAN: Van waar kom u my edele baron?

ROSS: Van Fife, o koning waar die lug gehoon
word deur die Noorse vaandels wat nou ons
soldate koud waai na die slag verby is.
Die Noorse vors met skrikaanjaende
getalle en gesteun deur Cawdor, die
ontroue hoogverraaier, het self ook
'n slag beginne wat vir ons heel erg
ongunstig was. Maar dit het net geduur
totdat Bellona's bruidegom met moed
en harnas aange gord, hom kort gevat
het en verplig het om sy krag te meet:
sy swaard teen die rebel s'n, arm teen arm,
totdat die oorfloed van die Noor se gees
beteuel is. Om af te sluit: aan ons
kant was die sege.

DUNCAN: Blye tyding!

ROSS: Met
gevolg: die Noorse koning, Sweno, smeek
van u die vrede en ons het hom die
begrafnis van sy dooies nie vergun nie
eer hy tienduisend dalers inbetaal
het op die eiland van die heilige
Columba, vir die algemene nut.

DUNCAN: Sodat die heer van Cawdor nimmer meer
ons innerlike harte sal bedrieg



MACBETH: *Dis klaar. Het jy nie iets gehoor nie?*

LADY MACBETH: *Ek het 'n uil hoor huil*

[Sien bladsy 41



nie: spreek die doodvonnis nou daad'lik oor
hom uit, en met sy titel gaan begroet
Macbeth.

ROSS: Dit sal geskied.

DUNCAN: Wat hy verloor
moet voortaan vir Macbeth bekoor.

[Exeunt omnes.]

TONEEL III.

'n Kaal plek. Donderweer en bliksemstrale.

(Drie hekse kom binne.)

EERSTE HEKS: En waar was jy, suster?

TWEEDE HEKS: Varke vrek gemaak.

DERDE HEKS: Suster, jy?

EERSTE HEKS: Die vrou van 'n matroos se skoot was vol
kastaiings: sy't gekou en kou en kou.
„Gee ok,” sê ek, „Voert jou heks,” skree sy
die uitgevrete, skurwe ding. Haar man
is na Aleppo toe. Hy's skipper van die Tyger
Maar in 'n sif seil ek daarheen,
en kou ek soos 'n stompstert rot,
ek sal, ek sal en ekke sal.

TWEEDE HEKS: Van my kry jy 'n wind.

EERSTE HEKS: Jy's gaaf.

DERDE HEKS: Van my nog een.

EERSTE HEKS: Die res het ek,
ook elke hawe waar hul waai
uit al die hoeke op die kaart
waarheen 'n wind kan draai.
Ek sal hom uitdor horingdroog;
geen kriesel slaap bedags of snags
sal by sy afdak kom nie.
Hy sal leef soos een beswore,
moeg van swoeg vir sewe nagte
nege keer nege en verpot
sal hy wegklyn.
En sy ou skip die koers nooit byster
sal slegs vaar, deur storm geteister.
Kyk wat het ek.

TWEEDE HEKS: La'k sien. La'k sien.

EERSTE HEKS: Hier het ek 'n loods se duim
wat beland het in die skuim.

['n Trommel word binne gehoor.

DERDE HEKS: 'n Trom, 'n trom.
Macbeth, die kom.

ALMAL: Die skikgodinne hand aan hand,
Vlieërs oor die see en land
Gaan van streek tot streke.
Drie vir jou en drie vir my,
Nog eens drie en dit maak nege.
Stil. Die toorgoed's reg.

[MACBETH en BANQUO kom binne.

MACBETH: So 'n mooi en gure dag het ek nog nooit
belewe nie.

BANQUO: Hoe ver sou dit nog wees
na Forres? Wat is dít, so uitgedor
so wild en vreemd in hulle kleredrag
wat hoegenaamd nie lyk na inwoners
van hierdie aarde nie en tog daarop
is. Lewe jul? of is jul iets wat mens
kan ondervra? Dit skyn of julle my
verstaan, want tegelyk lê iedereen
haar skurwe vinger op haar brandmaer lip.
Jul lyk na vroue maar jul baard verhoed
dat ek dit so vertolk.

MACBETH: Praat as jul kan!
Wat is julle?

EERSTE HEKS: Die hoogste heil, Macbeth, heil aan u
baron van Glamis.

TWEEDE HEKS: Die hoogste heil, Macbeth, heil aan u
baron van Cawdor.

DERDE HEKS: Die hoogste heil, Macbeth, heil aan u
wat hierna sal regeer.

BANQUO: My goeie heer, maar waarom skrik u,

asof u vrees vir iets wat so belowend klink?
 Om waarheidswil is julle dit waarna
 jul lyk? Jul groet my ed'le metgesel
 met sy bestaande titel en voorspel
 'n adellike toevoeging en maak
 gewag van koninkryk en heerskappy,
 dat hy geheel verbyster is; met my
 praat julle nie. As julle na die tyd
 se saad kan kyk en sien wat sal ontkiem
 en groei en wat sal nie, praat ook met my,
 wat nóg jul gunste nóg jul afkeer vra
 of vrees.

EERSTE HEKS: Heil!

TWEDE HEKS: Heil!

DERDE HEKS: Heil!

EERSTE HEKS: Kleiner as Macbeth, maar groter!

TWEDE HEKS: Nie so gelukkig nie, maar veel gelukkiger.

DERDE HEKS: Hocwel self nooit 'n koning nie, sal u
 nog konings voortbring. So die hoogste heil
 Macbeth en Banquo.

EERSTE HEKS: Banquo en Macbeth
 die hoogste heil.

MACBETH: Nee wag 'n bietjie; sê
 my meer, onduidelike boodskappers.
 Ek weet dat na Sinél se dood ek heer
 van Glamis is. Maar hoe van Cawdor?
 Die heer van Cawdor lewe nog, 'n heer
 in welvaart. Om 'n kroon te dra is net
 so bo verwagtings van geloof as om
 te wees baron van Cawdor. Maar vertel,
 hoe kom jul aan die vreemde kennis.
 Waaróm stop jul ons op die kaalte hier
 waar bliksems speel en groet ons so profeties?
 Praat. Dis my bevel.

[Die Hekse verdwyn.]

BANQUO: Die aarde het sy borrels, net soos water,
en dis van hulle dié: waarheen het hul
verdwyn?

MACBETH: Die lug in. Wat solied geskyn
het, moes versmelt het soos 'n asem in
die wind. Ek wens hul het gebly.

BANQUO: Was hier
so iets as dit waarvan ons praat, of word
ons in die bol gepik, ons rede ingekerker?

MACBETH: Jou nasate sal koning wees.

BANQUO: Maar jy
sal koning wees.

MACBETH: Baron van Cawdor ook?
So het dit mos gelui?

BANQUO: Dieselfde deuntjie,
dieselfde woorde. Wag, werda!

(ROSS en ANGUS kom binne.)

ROSS: Macbeth,
die koning het met vreug die nuus van jou
sukses verneem en toe hy van jou waag-
stukke teen die rebelle lees, het sy
verbasing en sy loftuitings mekaar
bestry oor watter ene hom of jou
sal toekom. Hieroor sprakeloos betrag
hy alles agterna en vind hy jou
diep in die sterke Noor se mag, bevrees
vir niks wat jy oor jou laat kom het:
die vreemde dagings aan die dood.
Rapportryers het bank aan bank gekom
en elke een het jou geprys oor jou
verdediging van hierdie koninkryk;
al hierdie lof is voor die koning uit-
gegiet.

ANGUS: Ons sending is om jou die dank

afkomstig van ons koninklike heer
te bring, om jou slegs tot sy aangesig
te voer, maar geensins om jou loon te bring
nie.

ROSS: As 'n voorsmaak van nog groter eer
is ek beveel om namens hom jou aan
te spreek as die baron van Cawdor. Heil
vir hierdie toevoeging, want dit behoort
aan jou, my eerbiedwaardigste baron.

BANQUO (*tersy*): Wat! Kan Satan waarheid praat?

MACBETH:

Die heer

van Cawdor lewe nog. Waarom word ek
dan nou gehuldig met geleende klere?

ANGUS: Wat die baron gewees het, leef nog, maar
hy tors sy lewe, wat hy kwyt behoort
te wees, seer swaar gevonniss. Of hy saam-
gespan het met die mag van Noorweë
of hom geskaar het aan die sy van die
opstandelinge met verborge hulp
en ondersteuning of met beide hard
geswoeg het vir sy land se ondergang
dit weet ek nie, maar halsmisdadige
verraad, bewese en erken, dit was
sy ondergang.

MACBETH (*tersy*): Glamis en baron van Cawdor!

Die beste lê nog voor. (*Aan ROSS en ANGUS*):

Ek dank u vir

u moeite. (*Aan BANQUO*):

Hoop jy nou nie dat jou kroos
nog eendag draers van die kroon sal wees
as dié wat Cawdor vir my gee aan hul
niks minder opgedra het nie?

BANQUO: Om daarop end-uit te vertrou kan jou
dalk aanspoor om, behalwe Cawdor, nog
die kroon te kry. Dis vreemd. Ten einde ons

tot eie nadeel oor te haal, voorspel die magte van die duisternis ons vaak iets raak, wen ons met beuselagtigheid om óns daarna te gaan verraai by iets van uiterste belangrikheid. Hoor hier, my neefs, ek bid u. [*Hy praat met ROSS en ANGUS.*]

MACBETH: Twee voorspellings raak!

Twee aangename voorbodes omtrent die luisterryke grootse uitkoms van die vorstelike tema—ek bedank u here. Die aanhouding so bonatuurlik kan geen kwaad bedui nie; ook nie goed nie; maar indien dit kwaad inhou, waarom het dit die handgeld van sukses betaal wat met 'n waarheid aangevang het? Ek is heer van Cawdor; as dit goed is, waarom gee ek toe aan die verleiding met 'n beeld so aaklig dat my hare penorent gaan staan, my vaste hart tot in my keel laat klop in stryd met sy natuur. Aanwesige verskrikkinge is minder erg as hierdie aaklige verbeeldings. My gedagtes oor 'n koningsmoord het skaars 'n skimgestalte maar dit ruk en pluk my enkel mens-wees so dat daadkrag in verbeelding stik en niks bestaan vir my behalwe die onwerklikheid.

BANQUO: Ontvoer
deur sy gedagtes.

MACBETH: Wel, as toeval my die troon wil gee, dan moet die toeval my maar kroon, ook sonder dat ek hand bysit.

BANQUO (*Aan ROSS en ANGUS*): Sy nuwe eerbewyse is net soos ons nuwe klere wat hul vorm se fatsoen verkry, slegs deur gebruik se hulp.

MACBETH: Nou ja, laat kom wat maar wil kom
in guurste weer gaan tyd en uur ook om.

BANQUO: My edele Macbeth, ons wag vir jou
gerief.

MACBETH: Vergun my jul verskoning. My
versufte brein was in beslag geneem
deur sake wat vergeet is. Goeie here,
jul moeite is reeds opgeteken waar
ek elke dag 'n blad kan omblaai om
daarvan te lees. Laat óns nou maar vertrek
na waar die koning hom bevind. (*Aan BANQUO*): Laat jou
gedagtes oor die voorval gaan. Sodra
ons weer geleentheid het na ons hieroor
intussen nagedink het, praat ons vry
uit met mekaar.

BANQUO: Heel graag.

MACBETH: Tot dan genoeg.

Kom vriende.

[*Exeunt.*

TONEEL IV.

*Forres. Die Paleis.**(Trompetgeskal. DUNCAN, MALCOLM, DONALBAIN, LENNOX, met gevolg kom binne.)*

DUNCAN: Is die vonnis oor baron van Cawdor reeds voltrek. Is dié wat dit moes doen terug?

MALCOLM: My heer, terug is hulle nie. Maar ek het iemand pas gespreek wat hom sien sterf het; sy verhaal lui dat hy ronduit sy verraad erken het en u hoogheid om pardon in diep berou gesmeek het. Niks het hom, terwyl hy leef, so goed gepas as heen te gaan. Hy het gesterf soos een volleerd in kuns om dood te gaan en om sy kosbaarste besittings weg te werp asof dit waardeloos, 'n bakatel is.

DUNCAN: Daar is geen slag om uit 'n man se oog die bou van sy verstand te meet nie; hy 'n heer wat ek vertrou het deur en deur.

(MACBETH, BANQUO, ROSS en ANGUS kom binne.)

O hoog geëerde neef, die sonde van ondankbaarheid druk swaar op my; u was so ver vooruit, die vlugste vleuel van beloning kon u kwalik agterhaal. Ek wou dat u nie so verdienst'lik was opdat my dank en u beloning 'n balans tengunste van myself kon skep. Daar bly vir my niks oor as net te sê: aan u is meer verskuldig as wat ek in staat is om aan u te kwyt.

MACBETH: Maar my beloning is om na te kom die plig,

die diens en trou wat ek verskuldig is. Die aandeel van u hoogheid is om ons verpligtings te ontvang; en ons plig is u kroon, u troon en staat tot dienaars en kinders wat verrig wat hul behoort te doen deur alles goed en reg te doen, terwille van u eer en liefde.

DUNCAN: Welkom hier! Ek het begin om u te plant en ek sal daarna strewe om u hier tot volle wasdom te laat bloei, al kos dit swoeg. En Banquo, ed'le vriend, verdien nie minder nie—dat dit bekend moet wees—laat ek u aan my boesem druk.

BANQUO: As ek daar groei, behoort die oes aan u.

DUNCAN: Die oorfloed van my vreugde, onbeperk in volheid, poog om weg te kruip in druppels smart. Baronne, seuns en bloedverwante, en u wat my die naaste is, weet tans dat ons as opvolger benoem ons seun, ons oudste, Malcolm, wat hierna genoem word, Prins van Cumberland: die eer moet nie net hom te beurt val nie, maar blyke van grootmoedigheid moet skyn soos sterrelig op almal wat verdienst'lik is. Van hier na Inverness en daarmee is ons meer en dieper by u in die skuld.

MACBETH: Die res is swoeg wat nie aan u bestee word nie. Ek wil persoonlik u kwartiermaker graag wees. My vrou se oor sal ek graag self verbly met woorde oor u aantog. Dus neem ek my afskeid, nederig.

DUNCAN: Beste Cawdor!

MACBETH: Prins van Cumberland! Dit is 'n hindernis, wat my sal keer tensy

ek daaroor heen kan spring, want dit versper my weg. Verberg u vuur, o sterre. Laat die lig my swart en innige begeertes nie aanskou nie. Laat die oog my hand nie sien nie, maar, laat dit geskied wat as dit klaar is, vrees sal opwek in die oog wat kyk.

[*Exit.*

DUNCAN: Dis so, my waarde Banquo, kloek is hy. Sy onderdanigheid en trou voed my. 'n Fees is dit. Laat ons hom volg. Sy sorg het ons vooruit gegaan om ons te kan verwelkom. Hy's 'n weergalose bloedverwant.

[*Exeunt. Trompetgeskaal.*

TONEEL V.

Macbeth se kasteel, Inverness.

(LADY MACBETH kom binne en lees 'n brief.)

LADY MACBETH: Hulle het my op die dag van my sukses ontmoet; en ek het uit die betroubaarste bron verneem dat hulle meer weet as gewone sterweling. Toe ek van verlange gebrand het om hulle verder te ondervra, het hulle hulleself in lug verander en daarin verdwyn. Terwyl ek stom van verbasing hieroor gestaan het, het daar boodskappers van die koning gekom wat my die hoogste heil toegeroep het as „baron van Cawdor,” net soos die skikgodinne gedoen het toe hulle na my verwys het met „heil koning wat sal kom.” Ek het dit goed gedink om dit alles aan jou mee te deel, my liefste vennoot in grootheid, sodat jy nie deur onwetend te wees omtrent die hoogheid wat beloop is, die vreugde van so 'n verwagting hoef te ontbeer nie. Bewaar dit alles in jou hart, vaarwel.

Baron van Glamis en van Cawdor! en sal word wat jou beloop is: maar ek hou my hart vas vir jou aard: jy's veels te week, te swak om op die kortpad deur te tas. Jy sou graag groot wil wees, is van ambisie nie ontbloot nie, maar jy mis die boosheid wat daarby behoort te pas. Jou wens, die diepste een moet heilig uitkom. Verre sy van jou die valsheid, máár, tog sal jy iets wil win, selfs wederregtelik. Groot Glamis, jy sal graag wil hê, wat roep, „Maak so om dit te kry,” en jy begeer ook dit wat jy bra banger is om te bewerk, as wat jy wens om ongedaan te sien wat reeds

gedaan is. Rep jou hierheen.
 My geesdrif moet ek in jou oor kan giet;
 ek moet met dryfkrag van my spraak jou striem
 en so die laaste hindernis oorkóm
 wat jou weg na die goue krans versper
 waarmee die noodlot en die bonatuurlike
 jou blykbaar tog ook nog wil kroon. En wat
 vir tyding bring jy mee?

(’n Boodskapper kom binne.)

BOODSKAPPER: Die koning kom
 vannag hier slaap.

LADY MACBETH: Jy’s gek om so iets te
 kom oorbring! Is jou meester dan nie daar
 nie, wat, indien so, sou laat weet het dat
 ons klaar moet maak.

BOODSKAPPER: Met u verlof, dis so:
 ons heer is aan die kom, maar een van ons
 was hom vooruit en hy was uitgeput;
 amegtig, had hy kwalik wind gehad
 om my sy boodskap oor te bring.

LADY MACBETH: Versorg
 hom. Hy bring groot nuus. *[Exit Boodskapper.]*

Hees is selfs die kraai
 wat kryns van Duncan se noodlottige
 verskyning voor my skanse. Komaan,
 jul geeste wat die moordgedagtes voed,
 neem weg my vroulikheid en vul my met
 die aakligste onmenslikheid van kroon
 tot toon propvol. Verdik my bloed, versper
 die poort en toegang tot berou, opdat
 die vlae van gewetenswroeginge
 nie dalk my wrede doel verydel nie
 en tussen doel en doen gaan vrede stig nie.
 Komaan, drink aan my borste, neem my melk

vir gal, jul dienaars van die dood, waar jul, onsigbaar van gedaante werskaf aan die boosheid in die skepping.

Komaan, jy duister nag, toé swagtel jou dan in die hel se swartste rook, opdat my vlymskerp mes die wond wat dit gemaak het nie kan sien nie, nog die hemel deur die digte deken heen kan loer om dalk te roep, „wag, wag.”

(MACBETH *kom binne.*)

Groot Glamis, waarde Cawdor, nog meer as albei, deur die hoogste heil hierna! Ek was oor jōu brief so verruk dat ek tot oorkant die onwetende teenswoordige verplaas is sodat ek die toekoms nou op hierdie oomblik in my are voel.

MACBETH: My liefste vrou. Vannag kom Duncan hiernatōe.

LADY MACBETH: En wanneer gaan hy weg?

MACBETH: Sy plan is môre.

LADY MACBETH: Nooit sal son op daardie môre lig nie! Jou aangesig, my heer, is soos 'n boek waarin 'n mens kan lees van sonderlinge sake. Om die hede te mislei, vertoon jou soos die hede. Dus, verwelkom met jou oog, jou hand en lip; wees uiterlik net soos 'n blom, onskuldig, innerlik die slang wat onder skuil. Vir hom wat kom, moet daar gesorg word: dus vertrou vannag se werk gerus aan my sorg toe; dit sal aan al ons nagte en ons dae gee:

die koninklike mag en heerskappy!

MACBETH: Ons praat weer hieroor later.

LADY MACBETH: Maar hou jou luiters in jou oog en gees.

'n Frontverandering beteken vrees.

Die res laat jy aan my sorg oor.

[*Excunt.*

TONEEL VI.

(DUNCAN, MALCOLM, DONALBAIN, BANQUO, LENNOX, MACDUFF,
ROSS, ANGUS *en gevolg kom binne.*)

DUNCAN: Hoe mooi is die kasteel geleë. Soet
opbeurend prys die lug homself aan by
ons rustige gemoed.

BANQUO: Die somergas,
die huisswaeltjie wat hou in tempels
bewys met sy geliefde huisboukuns,
hoe hemele se ademtog hier lieflik geur;
geen oorstek, fries of stut of vastrapplek
of hierdie voël plak daár sy hangnes, maak
sy bakermat aldaar. Waar hul die meeste hou
en broei, daar is die lug besonder fyn,
so leer my ondervinding my.

(LADY MACBETH *kom binne.*)

DUNCAN: Kyk daar
is ons geëerde gasvrou. Liefde wat
ons volg, is vaak ons sorge, maar dit word
tog nietemin waardeer as liefde. Hier-
in is ek u tot voorbeeld hoe om God
te loof vir al die omslag wat u maak
en ons te dank vir al die moeite wat
ons gee.

LADY MACBETH: Ons dienste, twee-maal geprester
op elke punt en daarna dubbel bly
maar armsaal'ge sake en eenvoudig as
dit meeding met die eerbewyse, hoog
en wyd, waarmee u majesteit ons huis
belaai. Vir dié van ouds, sowel as vir
die jongste waardigheid daarop gehoop
bly ons steeds in 'n staat van dankbaarheid.

DUNCAN: Maar waar bevind die heer van Cawdor hom?

Ons dag ons was so op sy hakke.
Dit was ons plan om vóórryers vir hom
te wees, maar werklik hy ry kwaai en dan
sy liefde, wat so skerp is soos sy spore het
hom aangehelp om voor te bly op pad
na huis. O skoon en edele Mevrou,
ons is u gas vannaand.

LADY MACBETH: U dienaars hou
steeds vir u rekening, dit alles wat
hul het: hul self en wat aan hul behoort,
om aan u hoogheid te verantwoord en
om dit te kwyt wat u mag toekom soos
dit u belief.

DUNCAN: Gee my u hand en voer
my tot my gasheer, wat ons so hoog skat.
Daar wag nog groter gunste op u man.
Met u verlof, ons gasvrou.

[*Exeunt.*

TONEEL VII.

Macbeth se kasteel.

(Oboes, Fakkel. 'n Hoofstafelbediende saam met ander bediendes kom en gaan met eetgerei; hul loop oor die verhoog.

Daarna kom MACBETH binne.)

MACBETH: Indien dit klaar is nadat dit gedaan is, wel, hoe gouer dan hoe beter. As die sluipmoord net maar sy gevolge dood kan vat en met sy afloop ons sukses kan bring; as hierdie hou maar net die al en end sal wees op hierdie oewer, vlakplek in die ewigheid, kan ons dit teen d'hiernamaals waag. Máár, in hierdie sake staan ons hier tereg: want ons gee onderrig in bloedige gemene dinge wat na hul geleer is t'rugkeer om die uitvinder te teister. Geregtigheid, gelykehands-bedeeld, beveel ons kelk met gif aan by ons eie mond. Hy's hier in dubbele vertrouwe. Eerstens: ek is sowel sy bloedverwant as onderdaan. Dit is twee gronde teen die handeling. Daarna is ek sy gasheer, wat die deur teen moordenaars moet sluit inplaas van self die dolk te dra. Daarby het hierdie Duncan sy bevoegdheid met 'n waardigheid gedra, was in sy groot amp só onkreukbaar dat sy deugde, net soos engele bedeeld met tonge as trompette teen sy diep verdoemende verwydering sal pleit. En jammerte net soos 'n pasgeboore naakte kindjie, wat as dit 'n storm

trotseer, of soos die hemele se engele
te perd ry op onsigbare koeriers
van lug, sal die afskuwelike daad
in elke oog gaan waai, sodat die tráne
die wind verdrink en weeklagte die storm
oorstem. Ek het geen prikkels om
my wilskrag te verskerp nie buiten net
hoogmikkende ambisie wat in oormaat vaart
sigself oorspríng en aan die anderkant
neer tuimel.

(LADY MACBETH *kom binne.*)

Wat, is daar dalk nuus?

LADY MACBETH: Hy't amper klaar geëet. En hoekom het
jy weggegaan?

MACBETH: Het hy na my gevra?

LADY MACBETH: Hy het. Weet jy dit nie?

MACBETH: Met hierdie saak
behoort ons uit te skei: hy het my in
die jongste tyd vereer; by ander het
ek pas vir my 'n goue dunk verwerf,
wat ek moet dra in eerste glans, pleks van
dit weg te smyt.

LADY MACBETH: En was die hoop waarin jy
jouself geklee het dronk? Hét dit sedert dien
geslaap? Skrik dit nou skielik wakker, groen
en vaal oor dit waarin dit voorheen sig
so vry verlustig het? Vóórtaan is dít
my skatting van jou liefde!
Is jy bevrees om met jou daad en moed
gelyk te wees aan jou begeertes?
Sou jy begeer wat jy die sieraad van
die lewe ag en soos 'n lafaard leef
in eie agting? Toelaat dat, „ek durf nie,”

wagstaan vir, „ek wil” net soos die kat
in 'i spreekwoord?

MACBETH: Vrede asseblief. Al's wat
'n man betaam, durf ek. Wie meer aandurf,
is nie 'n man nie.

LADY MACBETH: Watter ondier was
dit dan wat jou verplig het om van so
'n plan te rep. Toe jy dit nog gedurf
het toe was jy 'n man; om meer te wees
as wat jy was, sal jy nog soveel meer
die man kan wees. Nog tyd nog plek was toe
vir jou geleë, tog sou jy toe al-
bei wou laat pas; nou pas dit as vanself,
maar die gepastheid pas jou nie, dit slaan
jou lam. 'n Kind het ek gesoog en so
weet ek hoe teer 'n kind wat drink bemin
kan word; maar tog sou ek terwyl dit lag
my tepel uit sy tandelose mond
kan pluk, sy harsings teen die grond uitstamp,
as ek 'n eed gesweer het so soos jy.

MACBETH: En as ons faal?

LADY MACBETH: Ons faal? Skroef op jou moed
tot waar dit vasskop. Hoe kan ons dan faal?
As Duncan slaap—waartoe vermoecienis
hom na 'n volle dag se reis wel hartelik
sal nooi—sy kamerhere sal ek met
'n fuif en wyn so goed oorwin dat hul
geheue, wagter van die brein, soos rook
sal wees; bewaarplek van die rede soos
'n distilleerkolf slegs. As hul deurdrenk
in hulle swyneroes halfdood lê, wat
kan jy en ek nie uithaal op die on-
bewaakte Duncan nie? Dink net, waarmee
kan ons die sponsgedrenkte, dronk en half-
pad dooie offisiere dan nie op-

laai nie. Dis hulle wat die skuld van ons groot onderneming sal moet dra. Begryp?

MACBETH: Skenk slegs aan seuns die lewe, want 'n vrou met sulke onversaagde pit behoort net mans te produseer. Sal dit dan nie die indruk wek, as ons die twee wat slaap met bloed gemerk het, selfs gebruik maak het van hul eie dolke dat dit al's deur hulle is nie?

LADY MACBETH: Ja, wie durf dit anders op te neem as ons ons droefheid luid laat galm?

MACBETH: Goed gereed is ek; in elke snaar is ek gespan vir die verskriklike kordaatstuk. Gaat nou heen. Bedrieg die wêreld met die fraaiste veins. Hou met jou vroom gesig 'n valse hart se inhoud dig.

[*Exeunt.*

TWEEDE BEDRYF

EERSTE TONEEL.

Inverness; Macbeth se kasteel—'n binneplaas.

(BANQUO, gevolg deur FLEANCE, wat 'n fakkel dra, kom binne.)

BANQUO: Hoe vorder die nag, seun?

FLEANCE: Die maan is onder, maar die klok het ek nog nie hoor slaan nie.

BANQUO: En dit gaan so skuins voor twaalfuur onder.

FLEANCE: Vader nee, ek dink dis later.

BANQUO: Hier, hou vas my swaard. Daarbo heers spaarsaamheid vannaand. Hul kerse is alreeds gedoof. [*Hy gee nog iets aan FLEANCE.*
Hou dit 'n bietjie vas.

Ai, loodswaar sleep ek van die slaap en tog durf ek nie slaap nie. Liefderyke krag weerhou van my tog die verdoemende gedagtes wat 'n mens in rus oorval. [*Hy hoor iets.*
Gee hier my swaard. Werda!

(MACBETH, met 'n bediende wat 'n fakkel dra, kom binne.)

MACBETH: 'n Vriend hier.

BANQUO: Wat!

Nog nie te ruste nie, meneer? Hoe dan? Die koning slaap reeds. Ongewoon goed was sy luim. Hy't groot geskenke toe gestuur aan u bediendes en met hierdie diamant groet hy u vrou, die gaafste gasvrou wat ooit was—in maatlose tevredenheid is hy omgewe.

MACBETH : Ons was nog nie klaar
nie, daardeur moes ons wil gebreke volg
wat nie daar sou gewees het nie indien
dit anders was.

BANQUO : Dis alles in die haak.
Verlede nag het ek gedroom van die
drie skikgodinne. Hulle het aan jou
iets waars voorspel.

MACBETH : Oor hulle dink ek nie.
En tog, as ons geleentheid het moet ons
oor hulle van gedagte wissel, as
jy daarvoor soms 'n oomblik vry het.

BANQUO : Graag,
sodra dit jou sal pas.

MACBETH : Indien jy met
my is, sal ek die eer aan jou bewys.

BANQUO : Heel graag sal ek wil luister mits ek niks
aan eer verbeur, terwyl ek na verhoging streef,
my trou rein hou en my gewete suiwer.

MACBETH : Voorlopig wel te ruste.

BANQUO : Dankie; ook dieselfde.

[*Exeunt* BANQUO en FLEANCE.]

MACBETH : Sê aan Mevrouw dat sy die klok moet lui
sodra my drank gereed is. Jy kan maar
gaan slaap.

[*Exit dienaar.*]

Is dit 'n dolk wat ek hiervoor
my sien met hef wat my hand uitnooi? Kom
laat ek jou gryp: ek het jou nie, en tog
daar sweef jy nog. Is jy dan noodlotsvisioen
nie tasbaar soos jy sigbaar is nie? Of
is jy dan slegs 'n dolk van my verbeelding, net
'n skim, 'n valse skepping van 'n koors-
verhitte brein? Ek sien jou steeds, so eg
so wesentlik soos dié wat ek hier trek.

Jy voer my op my pad wat ek alreeds
 betree, en so 'n instrument sou ek
 gebruik. My oë is die ander sin-
 tuie se gekke, so nie, meer as hul
 tesame werd. Ek sien jou nog: 'en op
 jou handvat en jou lem kleef klonte bloed;
 so pas was dit nie daar nie. So iets kan
 nie wees nie. Dit is slegs die bloedige
 gewelddaad wat so voor my oë sy
 gestalte kry. Natuur skyn dood te wees
 oor helfte van die wêreld;
 bose drome misbruik slaap se sluier;
 toorkuns fuif by bleek Hekaat se altaar;
 spookagtig skimmig moord gewek deur wolf,
 sy brandwag, wat met sy getjank die ure tel,
 stuur steeds-gewys met skendertreë van
 Tarquinius net soos 'n spook reg op
 sy mikpunt af.

Jy stewig, sterk en hegte aarde moet
 die rigting van my voetval nie beluister nie,
 opdat jou stene nie sal skree oor waar
 ek my bevind en so die tydstop van
 sy aakligheid beroof waarmee dit tans
 gepaard gaan. Terwyl ek dreig, leef hy:
 woorde waai 'n ysig' asemtoeg op gloed
 wat straal uit daadkrag en uit moed.

['n Klok lui ergens.

Ek gaan; dis reeds gedaan, verby.

Die klok nooi my.

Duncan, luister nie na dit wat onheil spel

Dit roep u hemel-toe of na die hel.

[Exit.

MACBETH: Een het terwyl hy slaap hardop gelag;
die ander een het „moord” geskree. Hul het
mekaar gewek. Ek het staan luister. Maar
toe bid hulle en gaan weer slaap.

LADY MACBETH: Daar's twee.

MACBETH: Een het geskree, „Die Here seën ons”;
die ander ene sê toe „Amen,” net
presies asof hul my gesien het met
die rooi bebloede hande van 'n beul.
Terwyl ek hulle vrees beluister en
toe hulle sê, „Die Here seën ons,”
het ek die „Amen” nie kon uitkry nie.

LADY MACBETH: Trek jôu daar nie soveel van aan nie!

MACBETH: Maar

hoekóm kon ek dan nie die „Amen” sê
nie? Ék sou graag geseën wou wees; ek had
daaraan 'n groot behoefte, maar die „Amen” het
vas in my keel bly steek.

LADY MACBETH: Oor hierdie sake moet nie so gemaal
word nie. Só sal dit ons gek maak.

MACBETH: My dunk ek het 'n stem hoor roep, „Aan slaap
voortaan 'n einde, want Macbeth vermoor
die slaap,”—onskuldig slaap . . .
wat rafelspluis by kwellingsknoop platstryk,
die dood van elke dag se lewe, bad
vir sware lyding uit vermoënis,
'n balsem vir gemoedere vol droefenis,
die tweede item aan die groot natuur
se dis, hoofvoeder van die lewensfees. . . .

LADY MACBETH: Maar wat bedoel jy?

MACBETH: Stéeds hoor ék dit roep
die ganse huis, „Aan slaap voortaan 'n einde.
Glámis het die slaap vermoor en dus
sal Cawdor voortaan nie meer slaap nie en
Macbeth sal voortaan nie meer slaap nie.”

LADY MACBETH: Maar wie het so geroep? My eerbare baron, waaróm verslap jou sterke krag dat jy nou so kranksinig maal en yl? Gaan haal 'n bietjie water en loop was jou hande van die vuil bewys. Waarom het jy die dolke van hul plek verwyder? Hul moet daar bly. Neem hul terug en smeer die kamerhere wat so slaap met bloed.

MACBETH: Ek gaan nie weer nie, want dit gru my om te dink aan wat ek pas gedaan het. Om weereens daarna te kyk, dit durf ek nie.

LADY MACBETH: Jou weifelaar. Gee my die dolke! Die slapendes en dooies is soos prente. 'n Kind se oog wat 'n gevefde duiwel vrees. En as hy bloei, sal ek die dienaars se gesigte met sy bloed vergul. Ons moet teen hul die skyn verwek. [*Daar word ergens geklop.*]

MACBETH: Hoor die geklop!
Van waar kom dit? Hoe het ek dit dan nou dat elke flou geluidjie my ontstel?
En watter hande is dit dié? Hul steek my oë uit. Sal groot Neptuun se see die bloed ooit van my hand afkry? Nee!
Die hand sal eerder al wat bruisend seë is verkarmosyn en groen die ene rooi maak.

(LADY MACBETH kom weer binne.)

LADY MACBETH: Kyk, my hande lyk soos joune, maar ek sou my skaam om so 'n bleke hart te dra. Daar klop iemand. Dis by die deur wat suid kyk. Ons begeef ons kamer-toe.

[*Nog meer geklop.*]

Toe kom ons gaan. 'n Bietjie water sal ons van die daad verskoon. Hoe maklik is

dit dan. Toe nou! Standvastigheid het jou
glad onversorgd versaak. [Nog meer geklop.

Hoor daar's nog meer
geklop. Trek aan jou kamerjas opdat
die toeval ons nie dalk verraai as wakker nie.
Móét nie soos 'n skaap staan droom nie.

MACBETH:

Ai,

my dunk dis beter om te droom as om
gewek, my daad bewus te wees. [Nog meer geklop.
Wek Duncan op
met jou geklop. Ek wens jy kon. [Exeunt.

TONEEL III.

(*'n Deurwagter kom binne. Daar word ergens geklop.*)

DEURWAGTER: Hier is nou vir jou 'n eersteklas geklop. As mens die hel se deurwagter is, dan is daar vir jou somaar volop sleuteldraai. [*Daar word geklop.*

Tok-tok-tok. In naam van Beëlsebub, wie's daar? Hier is 'n boer wat in verwagting van 'n goeie oes homself opgehang het; moenie so dringend wees nie; bring genoeg sweetdoeke saam, hier sal jy hulle kan gebruik.

[*Daar word weer geklop.*

Tok-tok-tok. In naam van die ander duiwel, wie's daar? Gits, dis 'n witleuenaar. Hy sal in albei skale teen elke skaal 'n kluitjie lê, een wat om godeswil genoeg hoogverraad gepleeg het, maar wat hom nie in die hemel in kan lieg nie. Kom maar binne, witleuenaar, jou woordverdraaier. [*Nog meer geklop.*

Tok-tok-tok. Wie's daar? Gits dis 'n Engelse kleremaker wat hierheen versit omdat hy uit 'n Franse broek gesteel het; kom binne, kleremaker, hier kan jy jou parsyster warm maak. [*Nog meer geklop.*

Tok-tok-tok. Rus jy dan nie? Wat is jy? Maar hierdie plek is vir die hel te koud. Ek staak nou die werk van helpoortwagter: dit was my plan om 'n paar uit elke beroep in te laat wat die breë weg van lekkerleef na die ewige vreugdevuur bewandel. [*Daar word nog meer geklop.*

Netnou, dadelik, dadelik. Ek bid jou, dink aan die deurwagter.

(*Hy maak die deur oop en MACDUFF en LENNOX kom binne.*)

MACDUFF: Was dit so laat, my vriend, eer jy na bed gegaan het dat jy dan so laat moet lê?

DEURWAGTER: Maggies, meneer, ons was aan fuif tot die tweede hoenderkraai. En drank, meneer, is 'n groot aanhitser van drie dinge.

MACDUFF: Watter dinge hits drank dan so danig aan?

DEURWAGTER: Gedorie, meneer, die neus rooi maak, slaap en urine. Dit hits ook ontug aan en af, meneer; dit wek die begeerte op en verydel die uitvoering; daarom verdraai 'n oormaat drank die woorde van ontug; dit maak hom en breek hom; dit por hom aan en koel hom af; dit haal hom oor en raai hom af; dit bring hom orent en laat hom val—en tenslot verdraai dit sy eie woorde in die slaap, belieg hom heeltemal en draai sy rug.

MACDUFF: Ek dink drank het jou laas nag belieg.

DEURWAGTER: Dit het, meneer, en nogal in my keel, maar vir die leuen, meneer, het ek hom betaal. Sien, ek is te sterk vir hom, hoewel hy my bene 'n tydlank vas gehou het, het ek 'n plan beraam om hom uit te trap.

MACDUFF: Jou meester, is hy op? Hier kom hy. Ons geklop het hom gewek.

(MACBETH kom binne.)

LENNOX: Goeie môre, ed'le heer.

MACBETH: Goeie môre aan
u albei.

MACDUFF: Roer die koning al, my heer?

MACBETH: Nog nie.

MACDUFF: Hy het beveel dat ek hom vroeg moet opsoek. Amper is ek laat.

MACBETH: Ek sal
jou daar heen neem.

MACDUFF: Ek weet dis moeite al
is dit ook aangenaam.

MACBETH: Maar moeite wat
behaag is self sy loon. Hier is die deur.

MACDUFF: Ek sal so vry wees om maar in te gaan.

Dis mos 'n taak wat aan my opgedra
is.

[Exit MACDUFF.]

LENNOX: Gaan die koning nog vandag op reis?

MACBETH: Hy gaan. Hy't so beveel.

LENNOX: Die nag was guur!

Waar ons gehuisves was, het skoorstene
skoon omgewaai; dit word vertel dat deur
die lug 'n droewe klag gegalm het,
ook vreemde doodsroggels vol weeklag en
vol smart, voorspellings met afgryflikste
benadrukking van vreeslik aaklige
omwentelinge en verwarrende
beroerings wat aan hierdie nuwe tyd
gebore word. Die ligsku voël, die uil,
het ook die hele liewe lange nag
dwarsdeur te keer gegaan en hulle sê
die aarde het geskud soos een wat ly
aan koue koors.

MACBETH: Dit was 'n ruwe nag.

LENNOX: My jong geheue ken geen maat daaraan
gelyk nie.

(MACDUFF kom binne.)

MACDUFF: O! verskrikking, vreeslike
afgryflikheid. Geen tong of hart kan dit
deurgrond of selfs maar formuleer nie.

MACBETH en LENNOX (tegelyk): Wat
is daar verkeerd?

MACDUFF: Verwarring het vannag
sy meesterstuk voltooi. Mees heiligsken-
dend moord het by die Heer se heilige
gesalfde tempel ingebreek en die
gebou se lewe weg gesteel.

MACBETH: Wat sê jy? Die lewe?

LENNOX: Bedoel jy sy majesteit?

MACDUFF: Betree die kamer en vernietig jul gesig. Die jongste Gorgo lê daar in. Beveel my nie om iets te sê. Gaan kyk en praat dan self. [*Exeunt LENNOX en MACBETH.*

Word wakker, op! staan op! Staan op en gee alarm. Dit is moord en hoogverraad. Toe Banquo, Donalbain en Malcolm, op! staan op! Skud af die dons van sagte slaap, die dood se ewebeeld, en kyk hoe d' dood self lyk. Op! Die groot en diepe ondergang se afbeeldsel! Toe Malcolm, Banquo op! staan op as van die dode opgewek ten einde die verskrikking te aanskou. Toe dan! Lui dan die klok.

(*'n Klok lui en LADY MACBETH kom binne.*)

LADY MACBETH: Vir watter doenigheid word ons wat slaap met 'n trompet gewek wat so skrikwekkend skal.

MACDUFF: Sagaardige Mevrou, wat ek kan sê, is nie vir u om aan te hoor nie. Die herhaling in 'n vrou se oor sal moord beteken as dit val.

(*BANQUO kom binne.*)

O Banquo! Banquo! Hy's vermoor, ons heer en koninklike meester.

LADY MACBETH: Wat! O wee!
helaas en dit by ons!

BANQUO: Te wreed, waar ook!
My liewe Duff weerspreek jou deur te sê dit is nie so nie.

(*MACBETH en LENNOX kom binne.*)

MACBETH: As ek maar 'n uur



TWEEDE HEKS: *Die trekkings aan my duim sê my
Daar kom iets kwaads hier heel dig by.
Slot, skuif op vir hom wat klop.*

[Sien bladsy 80

dit anders uitval? Hier lê Duncan:
 sy blanke vel omsoom met goue bloed
 die wonde, diep oop gate het net soos
 'n bres in die natuur gelyk wat aan
 verval 'n ingang wil verskaf; en daar:
 daar staan die moordenaars, geskilder in
 die kleure van hul werk, hul dolke met
 geronne bloed onredelik oordek.

Wie kan 'n warme hart beteuel wat
 van liefde brand en wat ook moed bevat
 om daardie liefde te bely?

LADY MACBETH: Help my. Weg! Ho!

MACDUFF: Help die dame.

MALCOLM (*tersy aan Donalbain*):

Máár waarom bly ons twee stil, óns

wat dit die meeste raak?

DONALBAIN (*tersy aan Malcolm*): En wat behoort
 ons hier te sê waar ons lot in die klein-
 ste hoekie skelm skuil om ons te pak?
 Kóm, ons trap! Ons trane is nog nie berei
 nie.

MALCOLM (*tersy aan Donalbain*):

Nóg ons diepe droefheid in beweging.

BANQUO: Help daar! die dame.

[LADY MACBETH word uitgedra.

En sodra elkeen
 van ons sy naakte swakhede wat in
 die openbaar ons skaam maak, weggesteek
 het, kom ons bymekaar vir net een doel:
 en dit om hierdie bloedige stukwerk
 goed uit te pluis. Ons vrees en wroeginge
 ontroer ons, maar ek stel my in die hand
 van God, van waar ek teen die hoogverraad,
 die ononthulde oogmerke, te velde trek.

MACDUFF: En dit doen ek.

ALMAL: Ons almal.

MACBETH: Laat óns onmiddellik 'n manlike
gereedheid toon en in die saal vergader.

ALMAL: Akkoord.

[*Exeunt almal behalwe DONALBAIN en MALCOLM.*]

MALCOLM: Wat gaan jy doen? Laat ons ons nie
met hulle afgee nie. 'n Ondeurleef-
de droefheid te vertoon is werk wat deur
die valsaard maklik kan verrig word. My
pad loop na Engeland.

DONALBAIN: Na Ierland myne.

Apart sal ons waarskynlik veiliger
bestaan. Waar ons nou is, skuil dolke in
'n glimlag en hoe nader in die bloed
hoe nader aan die bloei.

MALCOLM: Die moordenaar
se pyl trek nog en ons is veilig mits
ons uit sy koers bytyds padgee. Daarom:
Saal op! Laat ons nie netjies wees om te
gaan groet nie, maar ons maak ons uit die voete.
Dis goed en reg om jou lyf weg te steel
van die genade wat jou parte speel.

[*Exeunt.*]

TONEEL IV.

Buite Macbeth se kasteel.

(ROSS en 'n ou Grysaard kom binne.)

GRYSAARD: Oor hierdie hoof het reeds 'n sewentigtal winters heen gegaan, wat ek onthou waarin ek ure wat ontsettend is belewe het en vreemde dinge het ek waargeneem, maar ai, verlede nag oordonder en verklein my kennis.

ROSS:

Ja,

my goeie vader, verontrusting van die hemele oor mensedade neem u waar, asook hul dreigemente aan sy bloedige verhoog. Na regte is dit dag, maar nag versmoor die reisend' vuurkolom. Dis nag se oorwig of die dag se skande wat die vaste aarde hom sy oë uit laat skaam—in plaas van lig heers daar 'n diepe dikke duisternis.

GRYSAARD: Dis onnatuurlik soos die dade—nog verlede Dinsdag is 'n valk, die trots van hoogvlieg deur 'n snuffelende uil geduik en doodgepik.

ROSS:

En wat sê u

van Duncan se spogperde se geval? Die sierlikes, die vinniges, die uitsoek van hul ras—dis vreemd, maar nogtans is dit waar—het uit die stal gespring en hande uit geruk asof hul teen gehoorsaamheid wil skop en oorlog voer met alles wat maar mens is.

GRYSAARD: Dis aan my vertel dat hul mekaar opvreet.

ROSS: Hul het. Ek kon my oog skaars glo. Hier is Macduff.

(MACDUFF kom binne.)

Meneer hoe gaan dit nou in hierdie wêreld?

MACDUFF: Hoe? Weet jy dan nie?

ROSS: Is dit bekend wie die nog meer as snode daad gepleeg het?

MACDUFF: Hulle wat toe deur Macbeth gedood is.

ROSS: Foei. En wat vir goeds was hulle oogmerk?

MACDUFF: Hulle was maar werktuie. Die koning se twee seuns Malcolm en Donalbain het weggevlug en dit verwek teen hul die skyn.

ROSS: Nog meer teen die natuur. Verkwistende ambisie wat sy eie leeftog roof. Waarskynlik sal die septer in Macbeth se hande val.

MACDUFF: Hy is verkies; na Scone opweg vir die investituur.

ROSS: En waar's die lyk?

MACDUFF: Dis reeds vervoer na Colmekill, die heilige bewaarplek van sy voorgeslag en steeds die wagter van hul bleek gebeente.

ROSS: Gaan u ook na Scone?

MACDUFF: O nee, my neef, ek gaan na Fife.

ROSS: Ek gaan na Scone.

MACDUFF: En mag dit welgedaan
wees wat jul daar sal doen. Vaarwel, die Uwe.
En mag ou klere ons nie beter pas as nuwe.

ROSS: Vaarwel Vader.

GRYSAARD: Mag God vir u en almal seën en bewaak
wat goed van kwaad en vriend van vyand maak.

[*Exeunt.*

DERDE BEDRYF

EERSTE TONEEL.

(BANQUO *kom binne.*)

BANQUO: Jy het dit nou: jy's koning, Cawdor en nog Glamis ook, net soos die susters dit voorspel't. Ek vrees 'n lae rol het jy daarvoor gespeel. Tog is dit ook gesê dat dit nie jou geslag se deel sal bly nie maar dat ek die stam en hoof sal wees van baie konings. As daar waarheid steek in hul voorspellings soos in jou geval die waarheid van hul woorde skitter— jy is bewys van hul betroubaarheid— waaróm kan hulle nie vir my ook as orakels dien nie, my ook hoop verskaf? Maar wag, genoeg. . . .

(*Trompetgeskal.*)

MACBETH, *gekleed as koning en vergesel van* LADY MACBETH, *gekleed as koningin, kom met* LENNOX, ROSS, *ander edelliede, wagt en gevolg binne.*)

MACBETH: Hier is ons hoof-gas.

LADY MACBETH: As ons hom vergeet
het, sou dit áán ons dis 'n leemte skep
wat onwelvoeglik is.

MACBETH: Vannag vier ons
'n fees en jou teenwoordigheid word nou
gevra.

BANQUO: U hoogheid moet my net beveel
want dááaraan onafskeidbaar is my plig
gewy.

MACBETH: Vertrek jy nog vandag?

BANQUO: O ja,
my goeie heer.

MACBETH: H'm, anders sou ons graag
jou goeie raad, wat altyd wys was en
op voorspoed uitgeloop het, wou verneem
het in vandag se raadsvergadering.
Maar dit kan wag. Is jou rit ver?

BANQUO: So ver,
my heer, as wat sal duur van nou tot u
soepee. En haal my perd dit nie, moet ek
'n duistere uur of twee nog van die nag
dalk leen.

MACBETH: Maar stel ons nie teleur nie.

BANQUO: Nee
my heer, ek sal nie; u kan my vertrou.

MACBETH: Goed. Van ons bese bloedverwante word
verneem dat een in Engeland en een
in Ierland sit, maar nie hul skuld beken
nie in verband met hulle vadermoord.
In plaas daarvan word hulle toehoorders
gevol met vreemde stories; maar jy hoor
dit môre-oggend tydens ons beraad
oor staatsake. Te perd, nou maar. Ek groet
jou tot vanaand. Gaan Fleance met jou?

BANQUO: Hy gaan,
my goeie heer. Ons tyd is kort.

MACBETH: Ek hoop
jul rydiere is vlug ter been en vas
op hulle pote. Reis voorspoedig. Gaan.
Vaarwel. Laat elke een van u sy doen [Exit BANQUO.
en late reël tot sewe-uur vanaand.

Om die geselskap soveel beter en
veel aangener te verwelkom, sal
ons tot die etensuur alleen wil wees.
Tot dan. God sy met u!

[*Exit almal, behalwe MACBETH en 'n dienaar.*

Hier jy, kêrel!

Wag daardie mans op my bevele, hè?

DIENAAR: My heer, hulle staan daar buite die paleis.

MACBETH: Gaan haal hul binne.

[*Exit dienaar.*

Om so te wees is niks; maar veilig so
te wees! Ons vrees vir Banquo lê diep.
Wat in sy koninklike aard die botoon voer,
moet vrees opwek. Hy't baie durf, 'n gees
hoogs onversaagd van aard en daarmee paar
hy wysheid wat hom skraag indien hy as
'n dapper man 'n daad begaan. So bly
hy veilig. Niemand vrees ek buiten hom.
Vir hom wyk my beskermgees net soos,
hul sê, die van Antonius die wyk
moes neem vir Caesar. Daar en dan het hy
die skikgodinne goed die lees gelees
toe hul die eerste maal my groet as ko-
ning, en beveel dat hul met hóm moes praat.
Profeties het hul hom gegroet als va-
der van 'n koningshuis. Hul plaas op my
'n kinderlose kroon en in my greep,
'n septer sonder vrug vanwaar 'n hand,
'n onverwante hand, dit weg sal pluk.
Geen eie seun wat op sal volg nie!
Vir sy nakomelinge het ek dan
my gees bevlek. Vir hulle Duncan dood
geslaan, die minsame; vir hulle haat
en nyd gebrou in my drinkbeker van
geluk, en net vir hulle!
My ewige juweel gegee aan hom,

die Satan, die gemene vyand van die mensdom, net om hulle koppe te moet kroon; die saad van Banquo konings! Nooit nie! Eerder as dit—toe Noodlot, betree die strydperk; laat ons hieroor veg tot by die laaste asemtog, dood-toe. Werda!

(Dienaar kom binne met twee Moordenaars.)

Loop uit, en bly daar tot ons roep. *[Exit dienaar.]*

Het ons

nie gister met mekaar gesels nie?

EERSTE MOORDENAAR:

Ja,

as dit u hoogheid mog behaag.

MACBETH:

Nou wel?

Het julle daarvoor nagedink? Weet nou dis hy wat in vergange tye jul so onder knie en hiel gehou het en vertrap het. Julle het gedink dis ons—ons, die onskuld self. Dis verduidelik en klaar bewys verlede keer hoe jul met valse hoop bedrieg is, teen gewerk is, welke middele teen jul gebruik's, wie almal meegehelp het, alles wat 'n halwe siel en malle gees sal moet laat sê, „So maak Banquo.”

EERSTE MOORDENAAR: U het dit reeds bekend gemaak.

MACBETH:

Ek het.

Daar is nog meer. En dit bring ons tot by vandag se samekoms. Het julle so 'n oorwig van geduld in jul natuur dat jul dit alles maar kan toelaat? Of is jul so propvol evangelie dat jul vir die welvaart van die goeie man en vir sy kroos sal bid, vir hom wat met sy sware hand jul neer laat buig tot in

die graf en julle kroos vir ewig tot
die bedelstaf verlaag het?

EERSTE MOORDENAAR: Ons is ook
maar mense; manne van gewone vlees
en bloed, my heer.

MACBETH: Ja, in die katalogus gaan julle deur
vir manne, soos dit met die honde gaan:
'n jaghond, windhond, regte basterbrak,
patryshond, poedel, wolhaar, basterwolwe:
almal staan bekend as honde, maar
as hulle nou na waarde moet geskat
word, dan word onderskei: die ratse of
die lomperd, slimmerd, waghond, jaghond al
na hoe milddadige natuur elkeen
bedeel het en waardeur elkeen van hulle iets
besonders kry uit die getuigskrif wat
hul almal honde noem. Net so met mense.
As julle nou 'n plekkie op die leer
het en, nie op die laagste sport
van mens-wees staan nie, sê dit;
'n plan lê ek dan in jul midde wat
indien dit netjies uitgevoer sou word,
jul vyand sal verwyder, julle in
ons hart sal klamp, ja in ons liefde, ons
wat ons gesondheid sieklik dra terwyl
hy leef, maar wat volmaak sal wees indien
hy sterwe.

TWEEDE MOORDENAAR: Ek is een van dié my heer,
wat van 'n harde bouse wêreld al
so baie onderduimse stampe en
'n oormaat harde bene om te kou
ontvang het, dat ek daarop hatig is.
Geen flenter traak dit my wat ek verrig

solank ek net daarmee die wêreld dwars kan sit.

EERSTE MOORDENAAR: En ek is net so tam en moeg van teenspoed, sat en vol van die Gelukse toutrek, dat ek graag op enigiets my lewe sal wil waag net om my toestand te verbeter, so nie, dan die pot verteer.

MACBETH: Jul albei weet nou Banquo is die skurk in ons verhaal.

EERSTE *en* TWEEDE MOORDENAAR (*tegelyk*):
Hy is ons vyand.

MACBETH: Myne ook.

So erg is dit dat bloed moet loop, want elke oomblik wat hy lewe steek my in my diepste wese, en hoewel ek mag het om hom weg te vee en dan te sê, „dit is my wil,” moet ek, Macbeth, dit geensins doen nie want daar's vriende van ons beide sonder wie se liefde ek nie klaar kan kom nie, dus moet ek die val betreur van hom wat ek neer vel. Vandaar dat ek nou vry na julle hulp en hierdie saak vir die publiek vermom om heelwat goeie redes.

TWEEDE MOORDENAAR: Ons sal uitvoer wat u ons beveel.

EERSTE MOORDENAAR: Ons sal ons lewe—

MACBETH: Jul moet skyn dwarsdeur jul. In hierdie uur nog op sy allerlaaste sal ek jul nog sê waar om te skuil en daar moet jul met fyn verkenning julle tyd afwag—die juiste oomblik: op hom!
Vannag moet dit gedoen word, maar, verstaan, 'n bietjie weg van die paleis; met dien verstande altyd dat ek vry, skotvry

moet bly : te saam met hom sodat geen haak-
en knoeiplek in die werk moet agterbly
nie; Fleance, sy seun, wat hom geselskap hou,
se heengaan is vir my van net soveel
belang. Ook hy moet in die donker-uur
'n deel hê in sy vader's lot. Besluit
nou, maar besluit op sy. Ek voeg my wel-
dra by jul twee.

EERSTE *en* TWEDE MOORDENAAR (*tegelyk*):

Ons het besluit, my heer.

MACBETH: Ek gaan nou dadelik met julle saam.

[*Exeunt* MOORDENAARS.

Wag binne. Banquo, op jou siel maak ons nou jag.
Indien dit hemel-toe moet gaan, wel dan vannag.

[*Exit.*

TONEEL II.

(LADY MACBETH en 'n dienaar kom binne.)

LADY MACBETH: Het Banquo van die hof vertrek?

DIENAAR: Ja, Mevrou, maar hy kom weer vannag terug.

LADY MACBETH: Sê aan die koning dat ek hom heel graag wil spreek sodra hy vry is.

DIENAAR: Ek gaan Mevrou. [Exit dienaar.]

LADY MACBETH: Ons het nog niks met alles reeds bestee:

Ons wense is vervul, maar sonder vree.

Dis veiliger om dit te bly, wat ons verderf as deur verderf ons twyfelagtig vreug verwerf.

(MACBETH kom binne.)

Maar hoekom hou u dan, my heer, uself so eenkant met ellendige verbeeldings wat moes doodgegaan het saam met dié waaroor hul maal. Want sake sonder keer verdien geen aandag. Wat gedaan is, is gedaan.

MACBETH: Ons het die slang net skrams geraak, nie dood gemaak nie. Maar haar skrape sal weer heel en dan is sy haar selwe weer, terwyl ons arme haat nog in gevaar verkeer van daardie selfde tand. Maar laat die reëlmaat van orde uitmekaar spat, albei koninkryke val eer óns, ons maal in vrees sal nuttig of sal slaap in pyn van folterende gruwel-drome wat ons snags so diep ontstel. Daar by die dooies wat terwille van ons rus deur ons na hulle rusplaas heen gestuur is, is dit beter as om in 'n mar-



MACBETH: *Ek het die hoefslag van 'n perd gehoor.
Wie was dit wat gekom het?*

[Sien bladsy 85

TONEEL III.

*'n Park naby die Paleis.**(Drie moordenaars kom binne.)*

EERSTE MOORDENAAR:

Maar wie het jou beveel om saam te gaan?

DERDE MOORDENAAR: Macbeth.

TWEDE MOORDENAAR: Ons hoef hom nie te wantrou nie.

Hy ken ons opdrag, en hy weet hoe ons dit klaar moet speel.

EERSTE MOORDENAAR: Kom staan ons by.

Die weste glim nog van die dag se rooi.

Vertraagde reisigers stoot vinnig aan om tydig herberg te kan kry. Gou kom die voorwerp van ons wag.

DERDE MOORDENAAR: Stilte! Perdepote!

BANQUO (*van binne*): Bring hier 'n lig.

TWEDE MOORDENAAR: Dis hy. Die ander wat verwag word, is alreeds na binne.

EERSTE MOORDENAAR: Hoe?

Hul gaan 'n ompad.

DERDE MOORDENAAR: Ja, omtrent 'n myl.

Maar dis gewoon. Vandaar gaan hy reguit te voet, soos almal maak, na die paleis se poort.

TWEDE MOORDENAAR: 'n Lig, 'n lig.

DERDE MOORDENAAR: Dis hy.

EERSTE MOORDENAAR: Staan reg.

(BANQUO en FLEANCE kom binne met 'n fakkel.)

BANQUO: Dit lyk na reën.

EERSTE MOORDENAAR: Laat dit maar val.

[Hy val vir BANQUO aan.]

BANQUO: Verraad!

Verraad, my goeie Fleance, vlug, vlug weg!

Dalk kan jy eendag wraak neem. Vlug! O slaaf.

[BANQUO *sterf*. FLEANCE *vlug*.

DERDE MOORDENAAR: Wie het die fakkel uitgedoof?

EERSTE MOORDENAAR:

Moes dit

dan nie geskied het nie?

DERDE MOORDENAAR:

Daar is net een.

Die seun is weg, helaas.

TWEEDE MOORDENAAR:

Die beste van

ons besigheid het spaak geloop.

EERSTE MOORDENAAR:

Wel, laat

ons trap om te gaan sê hoeveel ons klaar
gekry het.

[*Exeunt.*

MACBETH: Jy is 'n allerbeste slagter, maar die een wat dit aan Fleance doen, is ruim so goed. As jy dit ook verrig het, dan's jy werklik sonder weerga.

MOORDENAAR: Majesteit,
klein Fleance het ontkom.

MACBETH: Dan kom my toe-
val weer; met hóm weg sou ek heeltemaal
volmaak gevoel het, hard soos marmer, vas
soos rots, so vry soos lug wat ons omring:
maar nou word ek gekerker, vasgeketen, ja
geknel deur tergende getwyfel en
deur vrees. Met Banquo is dit reg?

MOORDENAAR: Maar al te seker, hoogheid, veilig rus
hy in 'n sloot met twintig gate in
sy harsingpan, die kleinste een waarvan
beteken dood vir die natuur.

MACBETH: Ontvang
my dank. Daar lê die uitgegroeide slang; (*Tersy*):
die wurm wat gevlug het is van so
'n aard dat hy nog gif sal voortbring; vir
die hede is hy egter taneloos.
Jy kan maar gaan, maar môre spreek ons weer
mekaar. [Exit MOORDENAAR.]

LADY MACBETH: My koninklike heer, u maak dit nie
gesellig nie. Dis 'n gekoopte maal
waar mens dit nie voortdurend aanbied nie.
Terwyl 'n gas dit nuttig, word hy steeds
genooi. Tuis kan 'n mens die ete gou
na binne werk; weg daar vandaan verleen
gasvrye pligpleging 'n smaak aan spyse:
daarsonder word 'n samekoms bra droog.

MACBETH: My soete ingeefster!
Nou ja, hier's op aptyt, die voorloper

van spysvertering en hier's op gesondheid,
bron van beide.

LENNOX: As dit u behaag
neem plaas, u hoogheid.

*(Die spook van Banquo kom binne en gaan sit op Macbeth
se stoel.)*

MACBETH: As ons Banquo maar
hier was, dan sou ons vaderland se keur
hier onderdak gewees het; ek kan hom
nog eerder 'n onvriend'likheid verwyf
as jammer kry vir teenspoed op sy tog.

ROSS: Hierdie afwesigheid veroordeel sy
beloftes. Mag dit u behaag, ons hoog-
heid, om ons nou met u geselskap te
bekoor?

MACBETH: Maar alle plukke is beset.

LENNOX: Hier is 'n plek vir u.

MACBETH: Waar?

LENNOX: Hier, my heer.

Maar wat ontstel u hoogheid so?

MACBETH: Sê wie

van u het dit gedoen? Dit!

LORDS *(in 'n koor)*: Wat, my heer?

MACBETH: Jy kan nie sê dis ek wat dit gedoen
het nie. Moet nie jou bloedbevlekte lok-
ke so vir my staan-skud nie.

ROSS: Here, kom
ons gaan. Sy hoogheid is nie wel nie.

LADY MACBETH: Sit!

my waarde vriende. Dit is iets wat vaak
my man van kindsbeen af oorval. Bly tog
maar sit. Die toeval duur 'n oomblik slegs.
Hy's gou daar oor. Indien 'n mens te veel
notisie neem, dan neem hy aanstoot en

dan duur die toeval langer. Eet gerus en steur u nie daaraan nie. Is jy 'n man?

MACBETH: Ja onverskrokke en wat durf het om te kyk na wat die duiwel sou ontstel.

LADY MACBETH: 'n Mooi verhaal. Dis bloot jou vrees se skildering: dis weer die dolk in lug geteken wat kwansuis as skim jou na oorlede Duncan-toe gelei het. O! die stuipe, vlae van verbeelding, op-
ligters van ware vrees wat jou gereeld oorval sal by 'n vrou se stories om die wintervuur en van 'n ouma-groot-
jie goedgekeur, uitstekend pas.
Dis eie skande. Waarom dan gesigte trek.
As alles klaar gedaan is, kyk jy net maar na 'n leë stoel.

MACBETH: Hoe sê? Kyk daar!
Sien jy? Ho! Aanskou. Wat sê jy? Hoe dan?
Wat traak dit my. As u die hoof kan skud,
kan u ook praat. As dodehuse en
ons graftes dié wat ons te ruste lê,
terug kan stuur dan moet die kuikendief
se krop ons dien tot monument.

LADY MACBETH: Hoor nou!
geheel ontman deur dwaasheid? [*Die spook verdwyn.*

MACBETH: Maar so waar
as ek hier staan, ek het hom hier gesien.

LADY MACBETH: Ag foci, kry jy nie skaam nie?

MACBETH: Voorheen is
bloed al vergiet, ja vammelewe al
nog voor om vredeswil vir algemene nut
die reg van eie rigting afgeskaf
is, en daarná is moorde ook gepleeg
te vreeslik vir die oor: verby die dag
wanneer, as harsings spat die mens ook sterf

en daar ophou; vandag staan hul weer op
met twintig dodelike houe in
hul hoofde, druk ons van ons stoele weg:
dis vreemder as wat so 'n moord is.

LADY MACBETH: My agtenswaardige gemaal, u vriende mis
tog werklik u geselskap.

MACBETH: Dit ontgaan
my. Moet u nie oor my verwonder nie,
my liewe vriende; ék ly aan 'n kwaal,
'n vreemde swakheid, net 'n nietigheid
vir dié wat my goed ken. Kom, liefde vir
u almal en gesondheid! dan sal ek
gaan sit. Skink my 'n bietjie wyn. Maak vol!
Ek drink op die geluk van elkeen aan
die tafel en op liewe Banquo wat
ek mis. Ek wens hy was ook hier; ons dors
na hom, vir hom, vir u, vir almal.

LORDS: Aangenaam die plig, ons trou; prosit!

(Banquo se spook kom weer binne.)

MACBETH: Trap jy! Gaan weg uit my gesig!
Laat die aarde jou verberg.
Jou bene is reeds sonder murg, jou bloed
is koud, geen wese in jou oë
waarmee jy my durf aan te gluur.

LADY MACBETH: Beoordeel dit my beste edellui
as net 'n aanwendsel; net jammer dit
bederf die pret.

MACBETH: Wat wié ook durf, durf ek.
Loop jy my by net soos 'n ruige beer
uit Rusland, of soos 'n gewapende
renoster of Hyrkaanse tier; verskyn
net soos jy wil, maar net nie só nie, en
ek sal geen spier verroer nie. Of word weer
'n lewendige, daag my met jou swaard

tot in die woesteny en as ek maar
'n greintjie vrees vertoon of voel, skel my
dan vir 'n swakkeling, 'n papbroek uit.
Voort jy! Afskuwelike skaduwee,
jou hersenskimmige bespotting, trap.
So ja. As dit maar weg is, is ek weer
'n man. Ek smeek u sit gerus.

[*Exit spook.*]

LADY MACBETH: Jy het
die pret verdryf, die samekoms glad in
die war gestuur met jou opvallende
wanordelikheid.

MACBETH: Kan sulke dinge nou
gebeur, vir ons oorval so skielik soos
'n reenbui in die sonneskyn en ons
dan nie verbaas nie? Jy laat my met my
inbors, bra ongemaklik voel as ek
daaraan beginne dink hoe jy na so
'n ding kan kyk en dit nog sonder blik
of bloos of selfs 'n haar te trek, terwyl
ek, ék my asvaal skrik.

ROSS: My heer, maar waarvan
praat u?

LADY MACBETH: Moet hom maar asseblief nie nou
iets vra nie. Dit ontstel hom en hy raak
van kwaad tot erger. Gaan maar dadelik,
selfs sonder omslag.

LENNOX: Goeie nag. Ons hoop
op beterskap vir hom, ons majesteit.

LADY MACBETH: 'n Aangename nagrus vir u almal.

[*Exeunt almal behalwe MACBETH en LADY MACBETH.*]

MACBETH: Dit dors na bloed. Hul sê bloed eis bloed:
dit is bekend hoe graftes oopgaan,
hoe bome praat: voëlwiggelaars en hul
met innerlike insig in en van
die onderling' verband van sake, het

deur kraaie, eksters en deur rawe dop
te hou, die diepste diep geheime van
'n man van bloed geopenbaar. Hoe gaan
dit met die nag?

LADY MACBETH: Dit stry reeds met die dag
om heerskappy.

MACBETH: Wat sê jy daarvan dat
Macduff hom skaars hou by ons hof?

LADY MACBETH: Het jy
hom dan ontbied, my heer?

MACBETH: Sover langs het
ek dit verneem: maar ek sal daarheen stuur.
Daar's nêrens een of ek het in sy huis
'n klaploper. Die skikgodinne gaan
ek môre-oggend vroeg opsoek. Hul moet
meer sê, want vas is ek beslote om
selfs langs die ergste weg, die ergste te
verneem. Vir my beswil moet iedere
oorweging wyk. Ek het my reeds so diep
in bloed begewe dat indien ek nou
sou nalaat om nog verder deur te waad
my t'rugtog net so moeisaam swaar sal wees
as wat my deurtog is. In my hoof het
ek vreemde planne wat ek wil beklink
eer ek begin om daaroor na te dink.

LADY MACBETH: Jy het te kort aan wat in ons, ons aard
instand hou, naamlik: slaap.

MACBETH: Kom ons gaan slaap.
Die vreemde sins- en selfbedrog van gees
is net 'n groene nuweling se vrees
wat hard en sware oefening verlang.
Ons hande is nog jonk en daarom bang. [Exeunt.

TONEEL V.

'n Verlate kaalte. Donder en bliksemstrale.

(Drie HEKSE kom binne en ontmoet vir HEKATE.)

EERSTE HEKS: Maar hoe dan Hekate, jy lyk bra boos.

HEKATE: Maar het ek dan geen rede hellekroos,
 astrante japsnoete wat julle is,
 hoe durf jul met die doodsgeheimenis
 met raaisels vir Macbeth bekoor?
 Maar ek, jul meesteres wanneer jul toor,
 die plannemaakster van die kwaad
 wat graag wil wys hoeveel ons kuns kan skaad
 is nooit geraadpleeg of gevra
 om my deel van ons glorie by te dra;
 en al wat julle klaar kon speel
 was vir 'n seun wat ons tog niks kan skeel:
 vol wispeltuur, vol nyd en haat
 hom selwe soek en jul bekaaid sal laat
 dis hy. Verbeter nou die saak
 deur julle uit die voete uit te maak,
 en môre vroeg vir my te kry
 by Acheron se kuil. Macbeth sal daarheen ry.
 Hy wil van ons sy voorland hoor—
 Bring potte, panne al's waarmee jul toor.
 Ek moet die lug in, want vannag
 word daar van my 'n nare aakligheid verwag.
 Groot sake moet ek gaan verrig,
 en dit nog voor vanmiddag, is my plig.
 Daar aan die horing van die maan,
 waarheen ek gou en baie haastig gaan
 hang daar 'n sterke druppel wasemvol
 wat ek gaan vang, eerdat dit af sal rol.
 Dit nou met goëlery verstook
 sal dit so wesentlik laat spook

dat hy beland van wal tot in die sloot.
Hy sal die noodlot en die dood
verag, bespot, sy hoop gaan vestig
tenspyte van gewete, vrees en insig.
Die self-versekerdheid, dis welbekend,
besorg 'n sterweling sy groot ellend.

*[Musiek word binne gehoor en 'n lied weerklank:
Kom hierheen, kom hierheen Hekate, Hekate, kom
hierheen.]*

HEKATE: Hoor! Ek word geroep. My klein kabouter ry
op daardie newelwolk en roep na my. *[Exit.]*

EERSTE HEKS: Kom ons maak gou; sy's dadelik terug.
[Exeunt.]

TONEEL VI.

Die Paleis.

(LENNOX en 'n LORD kom binne.)

LENNOX: U snap nou wat ek voorheen reeds wou tuisbring. Daar's nog meer: ek sê, net dinge lyk bra vreemd. Macbeth had medelye met die hoflike en beste Duncan en . . . gedorie, hy is dood. Die man uit een stuk, Banquo, het te laat snags rondgekuier; jy kan gerus maar sê, indien jy wil, dat Fleance hom dood gemaak het, want hy het gevlug: 'n mens moenie te laat snags kuier nie. Wie kan ophou om te dink hoe laag dit is van Donalbain en Malcolm om hul vader, goeie man, van kant te maak? Verdomp dis waar! En was Macbeth nie diep ontroer nie! Het hy dan nie somaar gou-gou in vrome woede beide skurke afgemaak nie, albei knegte van die slaap, aan drank verknog! Was dit nie edel nie? A! en ook verstandig, want sou dit dan nie elke ene boos gemaak het om te hoor hoe hul dit moontlik kon ontken? Dis daarom wat ek sê: hy't dinge goed gereël: daarby, dink ek ook nog, indien hy Duncan se twee seuns vas agter slot en grendel sou gehad het soos—dank sy die hemel—hy nie het nie, sou die twee geweet het wat 'n vadermoord beteken; net so met Fleance. Maar hiervan nou genoeg, want deur versuim om die tiran se fees ook by te woon en weens sy uitgesprokenheid,

verneem ek, leef Macduff in onguns.
Meneer kan u my sê waar hy hom laat
belande het?

LORD: Die seun van Duncan wie
se erfdeel die tiran van hom onthou,
vertoef tans aan die hof in Engeland;
hy word ontvang deur niemand minder as
die vrome Edward en, met soveel eer
dat daar geen gif sit in die angel van
die bose noodlot. Daarheen het Macduff
vertrek. Hy gaan die vrome Edward vra
om hom te ondersteun deur Siward, die
heldhaftige, en ook Northumberland
te kommandeer; sodat met hulle hulp
—en met die van die Allerhoogste om
die kroon te span—ons weer op tafel kos
kan hê, ons rus geniet gedurende
ons nagte, dat ons feeste vry kan wees
van bloedbevlekte messe; ons weer vry
kan hulde bring en dit ook so ontvang
—daarna smag ons. Toe hy nou dít
verneem het, was hy briesend kwaad; so erg,
dat hy hom vir 'n oorlog klaarmaak.

LENNOX: Het
hy om Macduff gestuur?

LORD: Hy het: en met
'n vaste, „Nooit nie ek, Meneer,” moes sy
verergde boodskapper sy rug gekeer't.
Hy het gehum-hum asof hy wou gesê
het: dit sal jou berou, ja jou, wat my
met hierdie antwoord opsaal.

LENNOX: Dít mag hom
gerus laat wakker loop; hy moet so goed
sy vindingrykheid dit kan doen, probeer
om buite tref-afstand te bly. En mag

'n engel hom vooruit wees aan die hof
in Engeland en daar sy plan blootlê
voordat hy kom, en mag ons vaderland
wat so swaar ly, gebukkend onder sy
vervloekte en uitmergelende hand,
tog gou die seën van verlossing smaak.

LORD: Met daardie engel stuur ek my gebede.

[*Excunt.*

VIERDE BEDRYF

EERSTE TONEEL.

'n Grot, in die middel daarvan: 'n kokende pot. Donder en bliksems.

(Drie HEKSE kom binne.)

EERSTE HEKS: Drie-maal miaau die ou gestreepte kat.

TWEDE HEKS: Drie-maal knor die krimpvark en toe weer.

DERDE HEKS: Grypvoëls raas, „Dis tyd, dis tyd.”

EERSTE HEKS: Dans nou om die towerpot,

Smyt verpeste harslag in,
Stoof dan in die towerpot
aangeklamde padda wat
een-en-dertig nagte lank
onder koue klippe gif,
slaap-versameld, koud gesweet't.

ALMAL: Dubbel, dubbel sorge slowe

Vuur moet brand en pot moet stowe.

TWEDE HEKS: Biltong van 'n waterslang

oor die vuur moet kook en hang.
Kaaimansoog met kikkerlong
vlêrmuiswol met hondetong,
slang se vurk met wurm-angels,
uil se vlerk met geitjiemangels,
toorgoed wat so sterk kan spook,
moet soos helsop stoof en kook.

ALMAL: Dubbel, dubbel sorge slowe,

Vuur moet brand en pot moet stowe.

DERDE HEKS: Draak se skubbe, wolf se tande

hekse-mummie; ingewande

van 'n vraatvol soutseehaai,
 dollekerwelwortels kwaai,
 snags versamel en gepoot,
 lewer van 'n godslasterend' Jood
 steggies van 'n taksisboom
 skuins gepluk by maaneklips,
 goed met bokkegal gestoom,
 Turk se neus daarby geklits,
 lippe van 'n ou Tartaar,
 vingers van 'n baba, maar
 sletgeboortig in 'n sloot
 en toe verwurg. Tier se poot,
 harslag met sy maag en gal,
 kook ons tjou-tjou heel-en-al
 tot dit dik soos porrel loop.
 Dis ons pot se towerstroop.

ALMAL: Dubbel, dubbel sorge slowe,
 Vuur moet brand en pot moet stowe.
 TWEEDE HEKS: Maak dit koel met apebloed.
 Dan's die toorgoed sterk en goed.

(HEKATE kom binne.)

HEKATE: Knap gedaan! Ek prys jul veel.
 Ons almal sal die winste deel.

Rondom die pot moet ons nou sing,
 soos feetjie-dwergies in 'n kring
 toor ons die goed daarbinne in.

[Musiek word binne gehoor en 'n lied weerklink.
 Die HEKSE dans en sing.

LIED: Geeste swart en wit, geeste rooi en grys,
 Roer dit, stook dit, roer en stook teen elke prys.

TWEEDE HEKS: Die trekkings aan my duim sê my
 Daar kom iets kwaads, hier heel dig by.
 Slot, skuif op
 vir hom wat klop.



LADY MACBETH: *Al die mirre van Arabië kan die geur van hierdie klein ou handjie nooit herstel nie.*

[Sien bladsy 102

(MACBETH *kom binne.*)

MACBETH: En toe, geheimvol, swarte kreatu-
re, nagtelike hekse, wat prakseer
jul hier?

ALMAL: 'n Namelose daad.

MACBETH: Ék besweer
jul met dit alles wat jul voorgee om
te wees, hoe julle aan jul kennis ook
mag kom, toe antwoord my:
al moet jul elke wind ontketen, dit
teen kerke aan laat storm, al
moet skuimend see die skeepvaart in die war
stuur of verswelg, selfs al moet koring, in
die pyp verwoes, gaan lê, die bome uit
die aarde uitgeskeur word, al wat maar
kasteel is op die hoofde van hul brand-
wagte omtuimel, piramides en
paleise tot hul fondament gesloop
word, al die skatte van die lewe wat
d' natuur ons skenk, vernietig word, ja tot
verwoesting afgemat raak, antwoord my
op wat ek vra.

EERSTE HEKS: Toe praat.

TWEDE HEKS: Beveel.

DERDE HEKS: Ons antwoord u.

EERSTE HEKS: Wil u dit uit
óns monde hoor of van ons meerderes?

MACBETH: Roep hulle maar en laat ek hulle sien.

EERSTE HEKS: Gooi by sog se bloed
wat haar werpsel, nege stuks, gevreet't
Vir die vlam se gloed
galgevet, wat moordenaars gesweet't.

[*Sy gooi iets in die vlam.*]

ALMAL: Kom hoog, kom laag, vertoon u nou
As ook u stande, doen dit gou

(*Donder. Eerste Verskynsel: 'n gewapende kop*)

MACBETH: Sê my, onbekende krag—

EERSTE HEKS: Hy is bewus van al u denke.

Hoor hom uit maar gee geen wenke.

EERSTE VERSKYNSEL: Macbeth, Macbeth, loop wakker vir Macduff,
die heer van Fife. Ontslaan my nou. Genoeg.

[*Sink weg.*

MACBETH: Wie u mag wees, ek dank u vir die raad;

Dit was 'n kolskoot op my vrees. Nog iets—

EERSTE HEKS: Hy laat hom nie beveel nie. Hier's
nog een. Dis sterker as die eerste.

[*Donder. Tweede Verskynsel: 'n kind vol bloed.*

TWEDE VERSKYNSEL: Macbeth! Macbeth! Macbeth!

MACBETH: Ek hoor soos een bedeel met wel drie ore.

TWEDE VERSKYNSEL: Vergiet maar bloed, wees wreed, verag
met onverskrokkenheid 'n mens se krag,
geen kwaad word aan Macbeth beskore,
van iemand uit 'n vrou gebore.

[*Sink weg.*

MACBETH: Leef maar Macduff! Waaróm moet ek u vrees?

Maar sekerheid moet dubbel seker wees:

Ek eis 'n borg vir selfs die noodlot—jy

moet sterf Macduff sodat bleekhartig' vrees

kan hoor hoe ek hom sê, „hy lieg”: dat ek

kan slaap, die blits en donderweer ten spyt.

[*Donder. 'n Derde Verskynsel: 'n kind met
kroon op die kop en 'n boom in sy hand.*

Maar wat is dit wat opkom soos 'n vors

se telg, op wie se kinderhoof daar pryk

die tekens van groot heerskappy?

ALMAL: Toe luister net, moet gladnie praat nie.

DERDE VERSKYNSEL: Wees leeuehartig, trots en slaan geen ag
op hul wat terg, of knies of op verraad se krag.

Daar's geen oorwinning oor Macbeth aler
die Birnambos beweeg en vir Macbeth beleër
in hooggeleë Dunsinane. [Sink weg.]

MACBETH: En dit sal nooit gebeur! Wie kan 'n bos
opkommandeer, 'n boom beveel om sy
aard-vaste wortels te versit? Dis gaaf,
die goeie voorbodes. Rebelle lig
jou kop nooit op eer Birnamwoud begin
te loop nie. Ons Macbeth, so hoog geplaas
sal nog sy huurtermyn alhier voleind,
sy rekening tog na gewoonte en
natuur betaal. My hart brand egter om
één ding te weet: vertel aan my indien
u towerkuns soveel kan doen: óf die kroos
van Banquo, ooit oor hierdie koninkryk
nog sal regeer.

ALMAL: Probeer nie om nog meer
te hoor nie.

MACBETH: Alles wil ek weet. Weerhou
dit en, vir ewig word u hier vervloek.
Ek moet dit weet. Maar hoekom sink die pot
en wat maak so?

[Musiek van hobo's.]

EERSTE HEKS: Wys!

TWEDE HEKS: Wys!

DERDE HEKS: Wys!

ALMAL: Wys hom dit en gee hom pyn.

Kom soos skimme en verdwyn!

*('n Toneel van agt konings in prosesie, die laaste waarvan
'n spieël is sy hande hou. Die gees van BANQUO volg.)*

MACBETH: Jy lyk te baie na die gees van Banquo, weg!

Jou kroon verskroei die appels van my oë:

Jou hare en jou goud-omsoomde kruin

lyk soos die eerste en die derde op

sy voorganger. Jul smeerboel, vuile hekse,

hoekom wys jul dit? 'n Vierde nog!
 Peul uit my oë; wat! sal sy lyn strek
 totdat die oordeelsdag se donder klap?
 Nog een! 'n Sewende. Ek weier om
 nog meer te sien. En tog daar kom 'n agste.
 Hy dra 'n glas waarin ek nog veel meer
 sien kom. Party van hulle dra sowaar
 'n dubbel bal as ordeteken en
 drie septers nogal swaai party!
 O aaklige gesig. Ek sien dis waar,
 want bloed-deurweekte Banquo volg en lag
 vir my; hy eien hulle toe. Wat! is dit so?

EERSTE HEKS: Ja al te seker is dit so.

Maar hoekom so vervaard, Macbeth?
 Kom susters kom, ons beur hom op
 en wys hom wat ons op kan klop:
 vir klank toor ek die lug nog weer,
 met dans moet julle hom trakteer.
 Die grote vors moet liefdevol kan sê
 dat in sy welkomsgroet daar waarheid lê.

[*Musiek; die HEKSE dans en verdwyn met HEKATE.*

MACBETH: Waar is hul? Weg? Laat hierdie uur,
 verderflik soos hy is, vir ewig en
 vir altyd in die almanak vervloek
 wees. Kom! Wie's daar?

(LENNOX kom binne.)

LENNOX: Wat is die wense van
 u majesteit?

MACBETH: Het jy miskien die nood-
 lotsusters raak geloop?

LENNOX: Nie ek nie, ed'le heer.

MACBETH: Het hulle nie by jou verby gekom
 nie?

LENNOX: Inderdaad nie. Ek het niks gewaar
nie.

MACBETH: Laat die lug waar hul op ry verpes
wees, dié wat hul vertrou verdoem word.
Ek het die hoefslag van 'n perd gehoor.
Wie was dit wat gekom het?

LENNOX: Boodskappers
my heer, wat van Macduff se vlug u kom
vertel. Hy's weg na Engeland.

MACBETH: Gevlug
na Engeland!

LENNOX: Dis so my goeie heer.

MACBETH: Tyd, jy ry my in die wiele nou dat ek
'n groot en wrede plan prakseer.
Ons doelstellings met vlugtige
beweëglikheid word kwalik agterhaal
tensy 'n daad daarmee gepaard gaan.
Van nou af sal my hart se eersteling
my hand se eersteling ook wees. Selfs nou
om my gedagtes met 'n daad te kroon,
laat dit gedink word en gedaan wees:
ek sal die vesting van Macduff verras,
op Fife gaan toesak. Aan die skerpte van
die swaard gee ek sy vrou en kinders oor
en elke armsaalge siel aan hom
verwant. Geen dwaas se grootpraat sonder doel!
Gedaan is dit eerdat ek af kan koel.
Geen spoke meer of bonatuurlike
gesigte nie. Waar is die here? Bring
my weg na hulle.

[*Exeunt.*]

TONEEL II.

Fife. Macduff se kasteel.

(LADY MACDUFF, haar seuntjie en ROSS kom binne.)

LADY MACDUFF: En wat het hy gedoen om weg te vlug?

ROSS: Mevrou u moet geduld beoefen.

LADY MACDUFF: Hy
het geen geduld gehad nie: om te vlug
was niks as puur kranksinnigheid, wanneer
ons vrees van ons verraaiers maak en nie
ons dade nie.

ROSS: U weet nie of dit vrees
of wysheid is wat hom laat vlug het nie.

LADY MACDUFF: Wysheid!
Om weg te gaan van vrou en kinders?
Om hulle saam met huis en haard te laat
in so 'n plek waaruit hy self wegvlug?
Hy het ons geensins lief nie. Dit ontbreek
hom aan natuurlike gevoelens. Die
tinktinkie, kleinste onder al die voëls sal,
met kleintjies in die nes, 'n uil beveg.
Die vrees is alles en die liefde niks.
Die wysheid is net so gering waar so
teen alle rede in gevlug word.

ROSS: Maar
my liewe Nig, beheers u selwe so
'n ietsie, net terwille van u man.
Hy's edel, wys en oordeelkundig. Hy
is een wat oor die nukke van die tyd
die beste sal kan oordeel. Ek durf nou
nie veel meer sê nie, want, u weet dit kreun
maar opdraand waar 'n mens ook sonder dat
hy weet verraaiër is, en waar 'n mens
gerugte in die lig van wat hy vrees

beoordeel sonder om presies te weet
waarvoor hy vrees. 'n Woeste volle see
bework deur wilde storms, daarop dryf
en dobber ons in alle rigtings sonder koers
tot pret van golwe. Ek moet nou vertrek,
maar weldra keer ek weer terug: hou moed
wanneer die nag se duisternis ons op
sy dikste skyn, dan is die uitkomste
die naaste. Gawe Nefie, God seën jou ook.

LADY MACDUFF: Hy het 'n vader, maar is nogtans vaderloos.

ROSS: Ek sal 'n dwaas wees as ek langer bly:
vir my tot oneer, ongerief vir u.
Ek vertrek nou dadelik.

[*Exit* ROSS.]

LADY MACDUFF: Groot man, jou pa is dood. Wat sal jy nou begin?
Waarvan sal jy lewe?

SEUN: Soos die voëltjies, moeder.

LADY MACDUFF: Wat, van wurms en van vlieë?

SEUN: Ek bedoel met wat ek op kan pik.

LADY MACDUFF: My arme voëltjie! nog wip, nog voëlent sal jy
vrees, nog vanggat of 'n strik.

SEUN: Maar waarom moet ek, moeder? Vir arme voëltjies
word mos niks gespan nie. My pa is nie dood nie al sê
u so.

LADY MACDUFF: Ag, hy is dood. Waar kry jy nou 'n vader?

SEUN: Nee, waar kry u nou 'n man?

LADY MACDUFF: Op elke mark kan ek vir my 'n twintig stuks
gaan koop.

SEUN: Dan sal u koop om te verkoop.

LADY MACDUFF: Jy's veels te ouderwets met al jou wysheid.

SEUN: Is my vader 'n verraaier, moeder?

LADY MACDUFF: Ja, hy is.

SEUN: Wat is nou eintlik 'n verraaier?

LADY MACDUFF: Een wat lieg en vloek.

SEUN: Is almal wat dit doen, verraaiers?

LADY MACDUFF: Elke ene wat dit doen, is 'n verraaier en moet gehang word.

SEUN: Moet almal hang wat lieg en vloek?

LADY MACDUFF: Die laaste ene.

SEUN: En wie moet hulle ophang?

LADY MACDUFF: Maar hoe dan? Die eerlike mense.

SEUN: Dan is die leuenaars en vloekers dwase, want daar is genoeg van hulle om die eerlike mense te wen en hulle op te hang.

LADY MACDUFF: Ag Here, help hom, die arme wurm. Maar wat vang jy aan sonder 'n vader?

SEUN: As hy dood is, sal u huil; as u nie huil nie, dan is dit 'n goeie teken dat ek gou 'n nuwe vader weer sal hê.

LADY MACDUFF: O! maar jy's 'n klets-majoer.

(*'n BOODSKAPPER kom binne.*)

BOODSKAPPER: Mevrouw, ek groet u. Onbekend is ek

aan u, hoewel u my volmaak bekend is.

Ek vrees daar dreig oombliklike gevaar

vir u. As u die raad van een van die

eenvoudiges wil aanneem, moet nie hier

vertoef nie, maar gee pad: uself en ook

u kindertjies. My dunk ek is te wreed

om u die skrik so op die lyf te ja,

maar om iets minder te wil doen is om

verskriklik wreed te wees: dis reeds vlakvoor

u deur. Ek durf nie langer bly nie. Mag

die hemel u bewaar.

[*Exit* BOODSKAPPER.]

LADY MACDUFF: Maar waarheen moet

ek vlug? Ek het geen kwaad gedoen nie.

Dit val my by; ek is in hierdie wêreld waar

dit prysenswaardig is om kwaad te doen,

terwyl om goed te doen beskou word as

gevaarlik dwaas. Waarom verweer ek my,

helaas, met so 'n flou verweer as, „Ek
het niks gedoen nie?”

(MOORDENAARS kom binne.)

Wat beteken die
gesigte?

EERSTE MOORDENAAR: Waar's jou man?

LADY MACDUFF: Ek hoop op geen
plek so onheilig waar jou klas hom ooit
sal raakloop nie.

EERSTE MOORDENAAR: Hy's 'n verraaier.

SEUN: Dit
lieg jy, jou wolhaar-vuilis.

EERSTE MOORDENAAR: Jou klein knop,
verraad se klein gespuis. [*Hy steek die seun dood.*]

SEUN: Hy het my dood
gemaak. Ek smeek u, hardloop weg.

[*Hy sterf en LADY MACDUFF hardloop weg en skree „Moord”
terwyl die MOORDENAARS haar agtervolg.*]

[*Exeunt.*]

TONEEL III.

Engeland. Voor die koning se paleis.

(MALCOLM en MACDUFF kom binne.)

MALCOLM: Laat ons 'n eensaam skadu-plekkie soek
en daar die droefheid van ons hart uitstort.

MACDUFF: Nee laat ons liewers vasberade na
ons dodelike swaarde gryp, soos mans
van eer ons neergevelde erfdeel gaan
verdedig, waar op elke nuwe dag
'n nuwe weduwee haar jammerklag
basuin en nuwe wese kerm,
waar elke nuwe môre nuwe smart
die hemele se aangesig 'n klap
gee dat dit met gelyke droefheidsklank
weergalm net asof dit saam met Skotland ly.

MALCOLM: Ek voel lus om te huil oor wat ek glo.
Wat ek gehoor het, glo ek. So ver dit
in my vermoë lê en mits ek kans
kry, sal ek help. Wat u gesê het, mag
so wees—miskien. Hierdie tiran van wie
die naam alleen ons tong vol blare brand
was eerlik. U het eens van hom gehou.
Hy het nog niks teen u gedoen nie; maar,
ek is nog jonk. U mag teen my vir hom
en vir uself wel iets verdien; dit mag
verstandige beleid wees om vir my,
die arme lam ter slagting uit te lei
om so op die manier 'n woeste god
te laat bedaar.

MACDUFF: Ek is nie vals nie.

MALCOLM: Maar Macbeth
is vals. 'n Goeie deugsame natuur

kan swig voor koninklike druk. Verskoon my asseblief. Deur denk kan ek u aard nie wysig nie; die engele daarbo bly nogtans rein, hoewel die reinste eens gestruikel het; al dra die boosheid deug se aansien, moet die deug na deug bly lyk.

MACDUFF: Die hoop het ek verloor.

MALCOLM: Miskien is dit waar ek die twyfel vind.

Hoekom het u u vrou en kinders, die kostelike kleinnode, die sterkste bande wat die liefde smee verlaat in so 'n haas selfs sonder afskeid?

Ek soebat u opreg dat u tog my verdenkings nie as hoon moet neem nie, maar as maatreëls vir my veiligheid; u mag opreg wees wat ek dink tenspyt.

MACDUFF: Bloed vloei

dan maar, bloei maar my arme vaderland! Groot dwingelandy, lê heg jou fondament want goedheid durf jou nie beteuel nie. Tooi jou met eie onreg. Gebillik en gelikwideerd jou eis!

Vaarwel my lord.

Ek wil die skurk wat u my waan nie wees vir al die ruimte waar die dwingeland sy hand op lê nie, met die rykdom van die Ooste nog daarby.

MALCOLM: Neem asseblief

geen aanstoot. Dis nie net uit vrees vir u wat ek so praat nie. Glo my vry. Ek dink ons land trek noustrop in die juk; dit wurg, dit hyg, dit bloei, 'n nuwe sny word elke nuwe dag gevoeg by reeds bestaande wonde. Ook is daar, dink ek, nogal in Skotland hande wat sal opgaan vir

my regte soos ek hier in Engeland
 'n aanbod het van baie duisend van
 die vriendelike koning. Máár
 my arme vaderland sal dit tenspyt
 nog swaarder kry wanneer my voet op die
 tiran se nek beland; dit sal meer ly,
 meer sondes te verdure hê, as van
 te vore aan die hand van hom wat op-
 volg.

MACDUFF: Wie kan ooit so wees?

MALCOLM: Ek self. Ek weet
 op my is soveel sondes ingeënt
 wat as hul uit sal groei, pikswart Macbeth
 so rein as sneeu sal laat verskyn. Hy sal
 'n lam geag word vergeleke met
 my grenselose bose ondeug.

MACDUFF: Uit
 die legioene van die diepste hel
 kan daar geen duiwel kom wat so verdoem
 is weëns kwaad dat hy vir swart Macbeth
 kan kers vashou nie.

MALCOLM: Ek gee toe: hy is
 bloeddorstig, vol van wellus, gierig, vals,
 erg agterbaks, kwaadwillig, ook nog vol
 van skurwe nukke en dat hy 'n streep
 weg het van elke sonde wat bekend
 is, maar, my wellus staan bekend as bo-
 demloos; u vroue, dogters, maagde en
 bejaardes kan die afgrond van my wel-
 lus kwalik vul. Wat my begeertes aan-
 betref, hul skuif gestelde paal en perk
 opsy. Macbeth is beter as wat ek
 sal wees.

MACDUFF: Die onbetu'nde oorgawe
 aan ons natuur loop uit op tirannie.

Dis vaak die rede vir ontydige vakant-wording van 'n gescënde troon, van afsterwing van vele konings. U moet egter nie nou al bevrees wees om wat aan u toekom op te eis nie. Aan 'n oormaat van genot kan u u oor-gee en dan seker nog dood-luiters bly: u kan die wêreld op die wyse blinddoek. Daar sal gewilliges genoeg wees. U kan nie so erg die roofvoël wees om te verslind die vele wat bereid sal wees om hulle aan u hoë aansien toe te wy nie, as by u geneentheid is.

MALCOLM: Maar by dit alles tier daar ook nog by my buitensporige verkeerde neigings, 'n gierigheid wat my, sodra die troon aan my behoort, sal noop om mense van die adelstand van hulle grond te dryf; ek sal juwele van die een begeer, en van 'n ander een sy huis; hoe meer die duiwel het, hoe meer sal hy wil hê, gevolglik sal ek onregverdig rusie stook teen troue onderdane; hul vernietig om hul goed.

MACDUFF: Die hebsug lê veel dieper, groei met skadeliker wortels as die somer-korte wellus; dit was die doodsteek van veel meer as een van ons gewese konings: vrees nie, want ons Skotland het 'n oormaat aan die goed, u eie goed, om u voldaan te maak; dit alles sal wel draaglik wees indien u ander gawes daarteen opweeg.

MALCOLM: Maar, daaraan ontbreek dit my. Die gawes wat

by vorste pas, soos waarheidsliefde, moed, regverdigheid, geduld, standvastigheid, genade, sielskrag, vroomheid, matigheid, milddadigheid, volharding, eenvoud—hul het vir my geen smaak nie. Nee, indien ek die geleentheid en die mag sou kry, sal ek die heuningsoete harmonie pyl-reguit hel-toe stuur, 'n oproer in die vreedsame heelal aanstig en waar daar eendrag heers, sal ek graag twis en tweedrag saai.

MACDUFF: O Skotland, Skotland!

MALCOLM: As so 'n mens nou vir die troon geskik is, praat dan; ék is soos ek net gesê het.

MACDUFF: Vir die troon geskik? Nee, ook nie vir die lewe nie. My volk en vaderland vervalle in ellende onder 'n tiran wat wederregtelik sy bloedbevlekte septer swaai, wannéer sal 'n gesonde dag weer oor jou breek, nou dat die ware troonopvolger ook vervloek staan onder eie-selfveroordeling, hy self na eie afkoms modder gooi. U vorstelike liewe vader was 'n allervroomste koning; die koningin, wat u getoë het meer op haar knieë as orient, en dag vir dag bereid om hemel-toe te gaan. Ek groet u. Daardie euwels wat u op u selwe laai, het my verban uit Skotland. O, my hart, hier is jou hoop se einde.

MALCOLM: Macduff, u edele gevoelens, kind van u onkreukbaarheid, het uit my hart die laaste greintjie swarigheid verwyder,

my oordeel oor u blanke eerlikheid
 en u opregte hart, verstewig.
 Die duiwelse Macbeth het baie van
 sy lokvinke na my gestuur om my
 met lis te vang: versigtigheid behoed
 my teen 'n goedgeelowige oorhaas-
 tigheid. Mag God daarbo beskik oor sa-
 ke tussen u en my! Ek sal u nou
 hier daad'lik reg help, die bekladding van
 myself verwyder, nou en hier die blaam
 en smette, wat ek op myself gelaai
 het, afsweer as iets vreemds aan my natuur.
 'n Vrou het ek nog nooit geken nie, nog
 nie vals gesweer nie, skaars begeer wat my
 behoort, nog nooit my woord gebreek nie, sal
 die duiwel nie teenoor sy maat verraai
 nie, en ek skeep behae in die waar-
 heid net soos in die lewe self:
 my eerste valsheid was omtrent myself.
 Wat ek nou werklik is, behoort aan u
 en aan my arme vaderland, waarheen
 nog voor u aankoms hier, ou Siward op
 die punt was van vertrek met tienduisend
 volledig toegeruste krygsmanne.
 Te saam sal ons dit nou gaan doen; en mag
 die deug se toekoms uitval soos ons twis
 regverdig is. Maar hoekom dan so stil?

MACDUFF: Sulke goeie nuus en slegtes tegelyk
 is swaar versoenbaar met mekaar.

(*'n DOKTER kom binne.*)

MALCOLM: Wel straks
 hoor u nog meer. Kan u my sê, meneer,
 gaan die koning uit?

DOKTER: O ja, meneer. Daar is

'n aantal armsaal'ge skepsels wat
ellendig siek op sy geneeskrag wag.
Hul ongesteldhede verbyster die
geneeskunde se diepste kennis—maar
as hy sy hand op hulle lê—so is
hy deur die hemele geseën—word
hul dadelik gesond.

MALCOLM: Ek dank u dokter. [*Exit* DOKTER.

MACDUFF: Van watter kwale praat hy?

MALCOLM: Dis die „kwaad,”

soos dit genoem word. Sedert ek hier woon
het ek dit baie kere waargeneem
hoe deur die goeie vors 'n wonder werk.
Hoe hy met welslae die hemel smee, weet hy
alleen: maar mense met vreemdsoortigste
besoekinge, vol swelsels en oordek
met swere, treurig om te sien,
die ware wanhoop van geneeskunde,
maak hy gesond deur met die heiligste
gebede goue munte om hul nek
te hang. Dit word vertel dat met sy dood
die hemelgawe van genesing op
sy koninklike opvolgers vererwe.
Hy deug hiervoor, en het ook nog daarby
die gawe om te profeteer, en aan
sy troon hang daar 'n groot verskeidenheid
van vrome tekste wat hom strek tot ere.

MACDUFF: Kyk wie kom daar!

(ROSS kom binne.)

MALCOLM: My landgenoot; en tog,
en ken hom nie.

MACDUFF: My gawe Neef, wees welkom hier.

MALCOLM: Nou ken ek hom: hoog tyd dat gode dit
wat ons tot vreemdelinge maak verwyder.



MACBETH:
die dwase voor op weg na stof.

..... ons vergange dae lig

[*Sien bladsy 112*]

ROSS: Amen.

MACDUFF: Staan sake nog in Skotland so?

ROSS: Helaas,
my arme vaderland, wat haas bevrees
is om sigself te ken; dit kan nie meer
ons wieg genoem word nie, maar wel ons graf,
waar niks, behalwe die onwetendes
meer lag nie, waar gekreun, versugtinge
en weeklagte die lug laat skeur, en tog
nie opval nie. Waar diepste droefheid lyk
na alledaagse uitinge, waar mens
skaars vra vir wie die doodsklok eintlik lui,
waar lewe van 'n goeie mens geblus
word gouer as wat blomme in sy hoed
verwelk of sterf.

MACDUFF: Wat 'n relaas! Hoe raak
hoe al te waar, beskryf jy dit!

MALCOLM: Die jongste leed?

ROSS: Die uur-oud nuus jôu reeds
die spreker uit, want iedere minuut
belewe nuwe leed.

MACDUFF: Hoe maak my vrou dit?

ROSS: Redelik, hoe so?

MACDUFF: En al my kinders?

ROSS: Ja, ook goed.

MACDUFF: En het die dwingeland geen aanslag op
hul rus gemaak nie?

ROSS: Nee, toe ek hul laas
gesien het, was hul almal nog in rus.

MACDUFF: Hou op met doekies om te draai. Hoe gaan
dit daar?

ROSS: Toe ek hierheen gekom het om
die nuus, waaraan ek só swaar dra, te bring,
was daar gerugte oor verskeie mense wat
in openlike opstand was en dis

te meer bevestig, want ek het gesien hoe dat die mag van die tiran in aan-tog was. Nou is dit die tyd om hulp te bring. U oog in Skotland sal soldate skep; dit sal ons vrouens aanspoor om te veg net om hul bitt're droefheid van hul af te weer.

MALCOLM: Laat dit hul troos: ons kom.

Ons het van Engeland ter leen ontvang, gee ag: ou Siward met tienduisend man. Daar is dwarsdeur die hele Christendom geen een wat meer ervare in die krygskuns is of wat dit beter ken.

ROSS: Ek wou dat ek net so kon troos, maar ek het woorde wat in die woestynlug, waar geen oor hul op kan vang nie, uitgegil behoort te word.

MACDUFF: Waarop het hul betrekking—in die algemeen, of . . . op eie droefheid van die hart van een persoon? Hoe?

ROSS: Nêrens klop 'n hart wat eerlik is of dit het aandeel in die smarte, maar die grootste deel gaan jou allenig aan.

MACDUFF: Indien dit myne is, weerhou dit nie, maar laat my spoedig hoor.

ROSS: Jou ore moet tog nie vir ewig aan my tong 'n afsku kry nie, waar ek hul le met die swaarste slag moet vul wat hul le ooit gehoor het.

MACDUFF: H'm. Ek weet dit al.

ROSS: Jou kasteel oorval, jou vrou en kinders wreed vermoor; nog meer besonderhede sal

jou lewe kos en so die aantal dooies
nog groter maak.

MALCOLM: Genadevolle hemel. Wat!
Man, trek die hoed nooit in die oë nie.
Laat droefheid spreek. Die smart wat nie gehoor
word, fluister aan oorlaaide harte om
tog maar te praat.

MACDUFF: En ook my kindertjies?

ROSS: Vrou, kinders en bediendes, almal wat
gevind kon word.

MACDUFF: En ek moes weg wees!
My vrou ook dood?

ROSS: Ek sê dit.

MALCOLM: Wees getroos.

Kom ons maak medisyne uit ons wraak,
waarmee ons diepe smart genees kan word.

MACDUFF: Hy het geen kinders nie. My liewe kleintjies. Sê
jy almal? Helse kouvoël. Almal.

Wat, al my mooi klein spruite en hul ma
met een skerp swaai!

MALCOLM: Toe, dra dit soos 'n man.

MACDUFF: Ek sal; maar ék moet ook net soos 'n man
dit voel. Ek kan nie anders as onthou
dat dit verby is wat so uiters dierbaar vir
my was. En was die hemel net
'n toeskouer wat weier om hul kant
te kies? Macduff, die sondebok, vir jou
is hulle neergeslaan. Slegs wat ek is,
nie hulle wandaad nie, maar myne, is
die oorsaak van hul slagting. Mag
die hemel hulle nou laat rus!

MALCOLM: Laat dit
'n slypsteen om u swaard te wet, wees.
Laat smart in woede omgesit word,
die hart vertoorn, nie verstomp nie.

MACDUFF: O! met my oog sou ek 'n vroue-rol kon speel en met my tong die van 'n groot-prater; goeie hemel, skort op alle onderbrekings; bring die woeste Skotse duiwel en my self 'n swaard se lengte van mekaar, 'n man teen man. Indien hy dan ontkom, laat God hom ook vergewe.

MALCOLM: Ek hoor dit graag so manlik. Kom ons gaan die koning spreek. Ons magte staan gereed; Net afskeidneem skort nog. Macbeth is ryp vir pluk. Die magte uit die hoë spoor ons, as die Hoër Hand se instrumente, aan. Vind troos net waar u kan. Lank is die nag waar ons vergeefs op dagbreek wag.

[*Exeunt.*

VYFDE BEDRYF

EERSTE TONEEL

Dunsinane. 'n Wagkamer in die kasteel.

('n DOKTER en 'n HOFDAME kom binne.)

DOKTER: Ek het nou twee nagte met u gewaak, maar ek kan nie sê dat daar waarheid in u verslae steek nie. Wanneer het u haar laas sien loop?

DAME: Sedert sy majesteit oorlog-toe gegaan het, het ek haar van haar bed sien opstaan, hoe sy haar kamerjas aantrek, haar buro oopsluit, papier uithaal, vou, daarop skrywe, dit lees en hoe sy dit daarna verseël en weer bed-toe gaan, alles terwyl sy vas aan die slaap is.

DOKTER: Dis 'n groot versteuring van die natuur om terselfdertyd die voordeel van slaap te geniet en te handel soos een wat wakker is. Het u haar ooit hoor praat as sy so opgewonde in haar slaap rondloop, behalwe dat u haar sien wandel het en gesien het hoe sy allerlei dingetjies verrig?

DAME: Ja, maar ek sal dit nooit oorvertel nie.

DOKTER: U kan dit maar gerus aan my vertel en dis ook hoogs raadsaam dat u dit doen.

DAME: Nie aan u nie, nóg aan iemand anders, want ek het geen getuies om my verhaal te staaf nie. Kyk daar kom sy.

(LADY MACBETH kom binne met 'n kers.)

So lyk sy altyd; so waar as wat ek leef, vas aan die slaap. Kyk maar. Staan naby.

DOKTER: Waar kry sy daardie lig?

DAME: Maar dit staan by haar; sien u, sy het voortdurend lig by haar. Dis haar bevele.

DOKTER: Merk u dat haar oë oop is?

DAME: Ja, maar . . . stokstyf, stokblind.

DOKTER: En wat doen sy nou? Kyk hoe sy haar hande vrywe.

DAME: Dit doen sy gereeld, net asof sy haar hande was: ek het haar so sien aanhou meer as 'n kwartier.

LADY MACBETH: En tog hier is 'n vlek.

DOKTER: Luister! Sy praat. Ek sal wat sy sê opskrywe om later my geheue te verfris.

LADY MACBETH: Gaan uit vervloekte vlek, uit sê ek! Een, nog een. Hoe dan, nou moet dit gedaan word. Pikdonker is die hel.—Foei, my heer, foei 'n krygsman en bevrees? Wie is dan bang wanneer niemand ons gesag tot verantwoording kan roep nie? Maar wie kon dink dat daar soveel bloed in die ou man kon gewees het?

DOKTER: Hoor u dit?

LADY MACBETH: Die heer van Fife het 'n vrou gehad: waar's sy nou? Wat! sal hierdie hande dan nooit weer skoon kom nie? Moenie weer so maak nie, my heer, tog nie weer nie. U bederf alles met hierdie skrikvattery.

DOKTER: Nou toe nou, toe nou! U weet van dinge waarvan u nie behoort te weet nie.

DAME: Sy sê goed wat sy nie behoort te sê nie, daarvan is ek seker. Die hemel weet wat sy alles al belewe het

LADY MACBETH: Dit ruik nog steeds na bloed. Al die mirre van Arabië kan nie die geur van hierdie klein ou handjie ooit herstel nie—o! o! o!

DOKTER: Wat 'n versugting slaak sy daar. Haar hart is swaar belaa.

DAME: So 'n hart dra ek vir niks ter wêreld in my boesem nie; nie vir al die waardigheid wat haar omgewe nie.

DOKTER: Wel, wel, wel.

DAME: Mag God dit gee, meneer.

DOKTER: Hierdie kwaal is bo my vuurmaakplek: en tog het ek slaapwandelaars geken wat in hulle bedde salig gesterwe het.

LADY MACBETH: Was jou hande, trek aan jou kamerjas; moenie so bleek lyk nie. Ek sê dit vir die soveelste maal, Banquo is begrawe; hy kan nie weer uit sy graf te voorskyn kom nie.

DOKTER: Dit ook nog!

LADY MACBETH: Na bed, na bed! Daar word geklop. Kom, kom, kom, kom. Gee my jou hand. Wat gedaan is, is gedaan. Bed-toe, bed-toe, bed-toe.

[*Exit* LADY MACBETH.]

DOKTER: En gaan sy nou slaap?

DAME: Ja reguit bed-toe.

DOKTER: Gemene dinge word hier rond gefluister.

Ons dade strydig met natuur loop uit
op kwale strydig met natuur.

'n Gees vol skuld verklap sy binneste
geheime aan sy dowe kopkussing.

Die kerkman het sy meer van node as
die man van medisyne. Mag ons God
elkeen van ons vergewe. Sorg vir haar.

Neem weg wat haar kan skaad. Hou haar voortdu-
rend in die oog. Slaap wel.

My gees is dronkgeslaan
en met my insig is dit ook gedaan.
Ek dink maar durf nie praat nie.

DAME: Wel te ruste goeie dokter.

[*Exeunt.*]

TONEEL III.

Dunsinane. 'n Kamer in die kasteel.

(MACBETH, die DOKTER en 'n dienaar kom binne.)

MACBETH: Geen enkele rapport wil ek weer hoor nie!
 Laat almal vlug. Tot Birnambos beweeg
 na Dunsinane sal vrees my nie besmet nie!
 Wie's Malcolm dan so danig? Hy is mos
 gebore uit 'n vrou? Die geeste wat
 bekend is met 'n sterweling se lot
 het tog as volg geprofeteer: „Vrees nie;
 geen kwaad word aan Macbeth beskore
 van iemand uit 'n vrou gebore.” Vlug
 jul valse edelliede, gee jul met
 die lekkerleef-beluste Engelse
 maar af. Die gees wat my besiel
 sal nie uit twyfel ooit vir iemand kniel.
 Die hart wat my laat lewe
 sal nooit van bangheid bewe.

('n Dienaar kom binne.)

Laat
 die duiwel jou pikswart verdoem, jou lum-
 mel met 'n melkgesig. Wat staan jy soos 'n skaap?

DIENAAR: Daar . . . is . . . tien . . . duisend.

MACBETH: Skape, stommerik?

DIENAAR: Nee manskappe, meneer.

MACBETH: Loop, maak rooi jou bakkies en
 oorkom jou vrees, jou papbroek van 'n vent!
 Soldate? Watter? Praat dan, dwaas. Vermoor
 jou siel. Jou vlaskleur-wange steek ook an-
 der aan met vrees. Van watter manskappe
 praat jy—jy met dikmelkwater pleks van bloed?

DIENAAR: Dis Engelse, menceer.

MACBETH: Verwyder jou gesig! [Exit dienaar.]

Seyton!—vol weemoed is ek as ek sien—
Seyton! luister—Die aanslag sal my altyd troos
of nou onttroon. Ek het reeds lank genoeg
gelewe; afdraand gaan dit nou, oppad
aand-toe; dis uitgedor, 'n goudgeel blaar
in herfsgety; wat by bejaardheid pas,
soos eer, getrouheid, troppe vriende, daar-
op kan ek hoegenaamd nie boog nie; maar
in plek daarvan: vervloekings—diep ofskoon
nie luid nie—lipvererings, dienste wat
erg graag geweier sou wil word, iets wat
die arme hart nie durf nie. Seyton!

SEYTON: Wat
belief u hoogheid?

MACBETH: Is daar ander nuus?

SEYTON: Dis vasgestel dat die rapporte waar
is.

MACBETH: Ek sal veg totdat die vlees gekerf
word van my bene. Gee my harnas hier.

SEYTON: Dis nog nie nodig nie.

MACBETH: Ek wil dit aan
hê. Stuur meer ruiters uit. Deurkruis die buurt!
Hang elke bangbroek op wat praat van vrees.
Gee hier my harnas. Dokter, hoe gaan dit
met u pasiënt?

DOKTER: My heer, sy's nie so seer siek
as wat sy ly aan 'n oormatige
opwelling van inbeeldings wat haar rus
aan haar onthou.

MACBETH: Genees haar daarvan: kan
jy nie 'n sieke siel behandel en
genees, 'n diep gewortelde verdriet
uit haar geheue pluk nie, ingegrif-

te kwellings van haar brein uitskrap en met 'n teengif die vergetelheid bewerk nie, die oorlaaide boesem reinig van die skadelike goed wat so swaar druk op haar gemoed?

DOKTER: Nee, dit kan slegs die pasiënt verrig.

MACBETH: Smyt medisyne vir die honde! Ek is moeg en sat daarvan. Hier, help my met my harnas. Gee my staf* gou aan. Seyton, stuur uit. Ja dokter, die baronne vlug van my. Toe nou, meneer, maak klaar. Indien jy kan, ontdek die kwale wat my land so teister, reinig dit, herstel die oerfrisheid daarvan en ek sal jou toejuig, totdat die eggo's galm in applous.— Haal af die ding sê ek.—Is daar dan nie 'n soort rubarber, seneblare of dalk ander kruie wat my vaderland van hierdie Engelse kan reinig nie? Het u van hul verneem?

DOKTER: O ja, my heer, u koninklike voorbereidsels het ons aandag nie ontsnap nie.

MACBETH: Bring dit saam. Ek vrees nòg dood, vernietiging nòg pyn, Eer Birnamwoud marsjeer na Dunsinane.

[*Exeunt almal behalwe die DOKTER.*

DOKTER: Kon ek maar hiervandaan weg kom, skoonveld, sien Dunsinane my nooit, nie vir profyt of geld.

* Lans?

TONEEL IV.

Die omgewing naby Dunsinane; 'n woud in sig.

(MALCOLM, SIWARD SNR., SIWARD JNR., MACDUFF, MENTEITH, CAITHNESS, ANGUS, LENNOX, ROSS *en soldate op mars.*)

MALCOLM: Neefs, ek hoop die tyd is daar wanneer 'n mens se nagrus veilig is.

MENTEITH: Ons twyfel nie daaraan nie.

SIWARD SNR.: Watter bos is dit hiervoor ons?

MENTEITH: Birnambos.

MALCOLM: Laat elke man van ons vir hom 'n tak afkap en voor hom dra; daarmee sal ons ons aantal manskappe verheimelik en sy spioene koudlei.

SOLDATE: Dit sal geskied.

SIWARD SNR.: Ons het verneem dat die tiran oormoedig vol vertrouwe stil bly sit in Dunsinane en moontlik nog sal toelaat dat ons daar omheen gaan sit.

MALCOLM: Dis al wat hy durf hoop. Daar steek vir hom wel voordeel in. Hy is versaak van hoog en laag; steun vind hy nêrens meer nie net 'n paar gedwonge kruipers dien hom nog met hulle harte elders.

MACDUFF: Láát ons met ons oordeel op die afloop wag, met ywer ons op goeie krygsmanskuns toelê.

SIWARD SNR.: Die oomblik nader snel waarop ons kan vertel en vir mekaar kan sê

waar wins en waar verliese lê.
Vooruit te reken is om weer te reken,
Daar's sake wat net houe uit kan maak
en dis die oorlogstaak. [*Excunt almal marsjerend.*

TONEEL V.

Dunsinane. Binne in die Kasteel.

(MACBETH, SEYTON *en soldate kom binne met vlae en 'n trommel.*)

MACBETH: Hang ons vaandels aan die buitemure.

Nog steeds klink dit „Hul kom!” Die weerstand van ons sterk kasteel sal met veragting 'n beleg trotseer. Laat hul hier lê die pes en hongersnood ten prooi. As hulle nie geholpe word deur dié wat by ons hoort, sou ons gedurf het om hul teen te gaan, 'n vuus teen vuus en hulle huiswaarts t'rug gemoker het. [*'n Vroue-krete word binne gehoor.*
Wat vir lawaai is dit?

Gaan kyk!

SEYTON: Dit klink na vrouekrete. [*Exit SEYTON.*

MACBETH: Ek is die smaak van vrees al feitlik kwyt:

die tyd is lankal reeds verby waarin ek koud geword het vir 'n gil soos dié of een uit nagtelike dieptes; peno-
rent sou my boshare opgestaan het by 'n aaklige verhaal asof daar lewe in gekom het; ek het my verbras aan gruwels; aakligheid waaraan my moordgedagtes lankal reeds gewoond is, kan my nie eens meer laat opkyk nie.

(SEYTON *kom weer binne.*)

Wat vir gegil was dit?

SEYTON: Die koningin,
my heer, is dood.

MACBETH: Sy moes ná dese aan

haar end gekom het. Dán was daarvoor tyd
 genoeg. Met môre, môre en weer môre kruip
 die beuselpas dag-in dag-uit tot by
 die laaste letter in die lang relaas
 van tyd; en ons vergange dae lig
 die dwase voor op weg na stof. Gaan dood,
 gaan dood kortstondig' kers. Die lewe is
 maar net 'n wandelende skaduwee
 ja net 'n armsaal'ge speler wat
 sy uur op die verhoog met knies en pronk-
 gestrompel deurbring en . . . daarna die stilte.
 Dis 'n sprokie wat 'n idioot met klank,
 rumoer en woeste raserny vertel
 wat niks bedui nie.

(’n Boodskapper kom binne.)

Jy kom immers om
 jou tong te swaai. Praat gou!

BOODSKAPPER: Genadevol-
 le heer, ek kom vertel wat ek beweer
 wat ek gesien het, maar ek weet nie hoe nie.

MACBETH: Wel, wel, wat nou?

BOODSKAPPER: Terwyl ek daar bo-op
 die heuwel brandwagstaan, het ek gekyk
 na Birnambos en aanstons, dag ek, dat
 die bos beweeg.

MACBETH: Jy lieg jou slaaf!

BOODSKAPPER: Laat ek
 u woede maar verduur indien ek my
 versondig aan 'n valsheid. Self kan u
 dit aan sien kom, skaars drie myl hier vandaan
 —ek sê 'n bos op mars.

MACBETH: Indien jy leuens
 verkoop, dan hang jy lewendig—die naas-
 te boom jou galg—totdat die honger van

jou biltong maak*. Maar as dit waar is, traak
dit my nie of jy so 'n opvoering
met my beginne nie. Ek trek my moed
se teuels in, want ek begin te twy-
fel aan die duiwel en sy dubbelsin
wat lieg soos waarheid: „Vrees vir niks totdat
die Birnamwoud beweeg op pad na hoog-
geleë Dunsinane.” En nou, waarag-
tig kom 'n bos op stap na Dunsinane.
Trek op! Ons veg!
As dit so is wat hy uitgalm,
dan baat nog weg te vlug nog hier te talm.
Die son se lig laat my krag taan
Ek wens die wêreld-orde raak gedaan.
Lui die alarmklok. Wind waai. Toe kraak.
Te sterf in harnas, minstens, is my taak.

[*Exeunt.*

* Vir wie dit nie deftig genoeg klink nie lees: totdat die
honger jou verskrompel.

TONEEL VI.

Dunsinane. Voor die kasteel. 'n Trommel met vaandels.

(SIWARD SNR., MALCOLM, SIWARD JNR., MACDUFF *en soldate met takke.*)

MALCOLM: Dis na genoeg. Gooi neer jul blaar-gordyn.
 Vertoon jul soos jul is. My waarde Oom,
 u sal tesame met my Neef, u seun,
 ons eerste slag aanvoer. Die edele
 Macduff en ons sal doen wat daar resteer,
 soos dit ons stand betaam.

SIWARD SNR.: Vaarwel. Indien
 ons die tiran vannag reeds onder skoot sal kry
 en onstrydvaardig is, laat ons die neerlaag ly.

MACDUFF: Laat ons trompette skal op hoogste kerf,
 die voorlopers van bloedige verderf. [Exeunt.]

TONEEL VII.

'n Ander deel van die slagveld. Alarm.

(MACBETH kom binne.)

MACBETH: Hul het my in 'n hoek. Onmoontlik om hier weg te vlug; ek moet maar soos 'n beer die tretteking beveg. Hoe lyk die een nogal wat geensins uit 'n vrou gebore is nie? So een moet ek vrees en hom alleen.

(SIWARD JNR. kom binne.)

SIWARD JNR.: Wie's jy?

MACBETH: Jy sal groot skrik as jy dit hoor.

SIWARD JNR.: Nie ek nie, al noem jy 'n naam: die warmste een uit die hel.

MACBETH: Ek is Macbeth.

SIWARD JNR.: Die duiwel kan vir my niks haatliker hier sê nie.

MACBETH: Nee, en óók niks wat jy meer behoort te vrees nie.

SIWARD JNR.: Dit lieg jy, afskuwelike dwingeland. Ek sal die leuen bewys en dit nou hier met my skerp degen.

[Hulle veg en SIWARD JNR. word gedood.]

MACBETH: Jy is uit 'n vrou gebore!
Swaarde kan ek met gerustheid minag.
Vir almal van 'n vrou geboortig kan ek lag.

[*Exi.*]

(MACDUFF *kom binne.*)

MACDUFF: Van daar kom die lawaai! Tiran, wys jou gesig. As jy gedood mag word deur 'n ander swaard as myne, sal my vrou en kinders steeds om my bly dwaal. Ek kan nie na gewone troepe kap nie; hul is huurlinge wat lanse moet hanteer. Of jy Macbeth, of my swaard bly skerp in die skede ongebruik. Ja dáár moet jy tog wees; die groot lawaai verkondig die teenwoordigheid van iemand van betekenis: Geluk, laat my hom kry. Dit is my bede. Dis al.

[*Exit. Alarm.*]

(MALCOLM *en* SIWARD SNR. *kom binne.*)

SIWARD SNR.: Hierheen my waarde heer; ons het reeds die kasteel met haas geen weerstand ingeneem. Die dwingeland se mense is verdeeld. Die edelmanne kwyd hul goed vandag. Die dag verkondig self dat dit aan u behoort en weinig bly daar oor om nog te doen.

MALCOLM: Ons het 'n vyand teengekom wat mis kap waar hy kan.

SIWARD SNR.:
kasteel.

Betrek nou u

[*Exeunt. Alarm.*]

TONEEL VIII.

'n Ander deel van die slagveld.

(MACBETH *kom binne.*)

MACBETH: Waarom sal ek nou 'n Romeinse gek wees om te sterf deur eie swaard, terwyl ek merk hoe wonde ander wat nog leef veel beter staan.

(MACDUFF *kom binne.*)

MACDUFF: Draai om jou duiwel, draai.

MACBETH: Van alle mense het ek juis probeer om jou die meeste te vermy. Gaan t'rug. My siel is reeds te veel oorlaai met bloed uit jou afkomstig.

MACDUFF: Ék sê niks. My swaard sal praat. Jy is bloeddorstiger, jou skurk, as wat daar woorde is om dit te sê. [*Hulle veg.*]

MACBETH: Jy mors jou krag; jy mag wel net so goed probeer om indruk op die lug te maak wat so onkwesbaar is, as my laat bloei. Laat val jou lem op krone wat wel kwesbaar is; my lewe word behoed deur towerkrag: deur iemand uit 'n vrou gebore word ek nie oorwin nie.

MACDUFF: Wanhoop aan die towerkrag en laat die een wat jy tot hiertoe trou gediën het jou vertel dat ek, Macduff, ontydig uit my moederskoot geskeur is.

MACBETH: Wat! Vervloek is daardie tong wat dit vertel—dit is 'n demper op my gees! Ek glo nie meer die toorduiwels wat ons

met dubbelsin betakel, aan ons oor beloftes hou, maar dit in ons verwagtings breek. Met jou sou ek dan liewers nie wil veg nie.

MACDUFF: Gee dan oor jou lafaard; leef, sodat ons jou vir almal om te sien tentoon kan stel. Ons sal jou soos ons met 'n seldsame en rare monster doen, laat skilder op 'n uithangbord en dan daar onder skryf, „Kom kyk na die tiran.”

MACBETH: Ek sal nie oorgee om die grond voor klein Malcolm se voet te soen, geterg te word, gespuis ten spot en pret. Hoewel die woud van Birnam tog op mars gegaan het en hoewel jy wat nie uit 'n vrou gebore is my wil weerstaan; gaan ek die laaste nou probeer: met skild verskans ek my. Trap vas, Macduff, en laat die een verdoem wees wat die eerste sê, „Wag, wag, genoeg.”

[*Exeunt al vegtende. Alarm.*

(*Trompette skal 'n aftog, en 'n trommel met vaandels kom binne. MALCOLM, SIWARD SNR., ROSS, LENNOX, ANGUS, CAITHNESS, MENTEITH en soldate volg.*)

MALCOLM: Ek wens die vriende wat vermis word, wil nou kom.

SIWARD SNR.: Party moet heengaan; tog aan die wat hier is, kan ek sien dat ons die dag gekoop het, nie te duur nie.

MALCOLM: Net Macduff saam met u ed'le seun word nog vermis.

ROSS: U seun, my ed'le heer, het 'n soldaat se rekening betaal: hy't slegs geleef totdat hy man geword het; skaars het hy

sy krag bewys, heel onvervaard waar hy
moes staan, toe hy gesnuwel het.

SIWARD SNR.: Gesnuwel?

ROSS: Ja, en van die veld gedra.
Moet u verdriet nie meet met wat hy werd
is nie, want dan is dit ook eindeloos.

SIWARD: Is hy van voor gewond?

ROSS: Ja reg van voor.

SIWARD: Laat hy dan nou soldaat van God wees. As
ek soveel seuns as hare sou gehad't
begeer ek vir geeneen 'n mooier dood.
En so het sy uur ook geslaan.

MALCOLM: Maar hy
verdien meer roubetoon. Ek sal oor hom
die rou dra.

SIWARD: Nee, nie meer nie. Hulle sê
sy end was goed; sy rekening betaald.
God sy met hom. Hier's groter troos bepaald.

(MACDUFF kom binne met MACBETH se kop op 'n spar.)

MACDUFF: Heil! O koning, want u is dit wel. Kyk waar
die usurpator se vervloekte kop
nou staan; die wêreld is weer vry. Ek sien
u reeds omring van al die pêrels in
u koninkryk, wat my begroeting in
hul harte sekondeer, hul stem begeer
ek saam met myne. Heil! o koning van
ons Skotland.

ALMAL: Heil! o koning van ons Skotland. Heil!

MALCOLM: Ons sal nie lank op ons laat wag om met
u af te reken en ons skuld aan u te kwyt
nie: edelmanne, bloedverwante van
nou aan staan u bekend as grawe. U's
die eerste wat in Skotland hierdie eer

te beurt val. Wat nog verder moet geskied sal mettertyd gedoen word—ons sal eers al ons verbanne vriende wat die waaksaamheid van die tiran ontvlug het, t'rug laat kom, daarna bereg ons al die handlangers van die gestorwe slagter en sy duiwel van 'n vrou, wat soos ek nou verneem haar bose hand geslaan het aan haar eie lewe. Dít en alles wat noodsaaklik blyk te wees sal ons gaan doen met die genade van Genade op die aangewese plek, manier en tyd. Apart en saam bedank ons u vir eers. Na Scone nooi ons u vir die kroningsfees.

[*Exeunt.*

